Dink vir Jousel

dr. P.C. Schoonees

N. Raitgen

Kaap Stad.
11/12/40.

Die Monument-Reeks

'n Serie populêr-wetenskaplike boekies oor al die aspekte van ons Afrikaanse kultuurlewe: geskiedenis, godsdiens, letterkunde, opvoedkunde, taalkunde en kuns.

No. 1 **Die Geboorte van Suid-Afrika.**
'n Simboliese toneelspel, deur W. Hessels **2/-**

No. 2 **Trekvoëls,** deur Sangiro **3/-**

No. 3 **Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers.**
deur J. van Melle 2/-

No. 4 **Die Afrikaanse Psalmberyming,** deur Dr. G. Dekker **3/-**

No. 5 **Die Epos van Trichardt en Van Rensburg,**
Dr. Manfred Nathan 3/-

No. 6 **Beatrys.** 'n Middeleeuse Juweel **2/-**
In Afrikaans oorvertel deur Dr. P. C. Schoonees.

No. 7 **Opstelle oor Poësie** deur H. A. Mulder **3/-**

No. 8 **Leengoed.** Gedagtes oor Taal, Volksgeloof, Kultuur, deur
Dr. Abel Coetzee **2/-**

No. 9 **Die Nuwe Testament deur die eeue bewaar,** deur Prof.
Dr. E. P. Groenewald **3/-**

No. 10 **Die Moderne Opvoeding,** deur Prof. Dr. J. C. Coetzee **3/-**

No. 11 **Gesprekke met Dr. W. J. Leyds** deur Kees van Hoek **3/-**

No. 12 **Berigte te Velde.** Opstelle oor die idee van 'n Afrikaanse
Letterkunde, deur N. P. van Wyk Louw **4/-**

No. 13 **Jan Lion Cachet en sy Sewe Duiwels,** deur
dr. P. J. Nienaber **3/-**

No. 14 **Dink vir Jouself,** deur Dr. P. C. Schoonees **3/-**

UITGEWERS, J. L. VAN SCHAIK, BEPERK,
Libri-gebou,
Posbus 724, — — — — — — — — — — — — PRETORIA.

Dink vir Jouself

deur

P. C. SCHOONEES

HOE ONS DINK!

Ons dink so, omdat ander mense almal ook so dink,
Of omdat, reg beskou, ons tog maar ook so dink,
Of omdat dit ons so vertel is, en ons dink ons moet so dink,
Of omdat ons dit eens gedink 't en nou dink, ons dink nog so,
Of omdat ons dit eens gedink 't en dink, ons sal maar wèèr so dink!

Prof. HENRY SIDGWICK.

J. L. VAN SCHAIK, BEPERK, PRETORIA
1940

— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —
J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers, Pretoria.

INHOUD.

		Bladsy
I.	*Eenvoudige Praatjies oor Dink*	5—16
	1. Blindheid	5
	2. Waarneming	8
	3. Klassifikasie	10
	4. Binnetoe kyk	11
	5. Die denker	13
	6. Te veel sport	15
II.	*Die Kuns om te Lees*	17—25
	1. Wat moet ek lees?	17
	2. 'n Nasionale biblioteekstelsel	20
	3. Ons dink nie!	23
	4. Die bioskoop	24
III.	*Krom-Denkers en Reguit-Denkers*	26—34
	1. Eenvormige denkgewoontes	26
	2. Strydkrete	28
	3. Vooroordele	30
	4. Reguit-dink	32
IV.	*Wantroue in Deskundiges*	35—38
V.	*Die Kunsies van die Adverteerder*	39—43
VI.	*Waarde vir jou Geld*	44—48
VII.	*Die Verval van die Westerse Kultuur*	49—54
	1. Vooruitgang?	49
	2. Verwarring van spel en erns	50
	3. 'n Besete Wêreld	52
	4. Die weg tot redding	54
VIII.	*Die Tweede Verdieping*	55—64
	1. Twee Verdiepings	55
	2. Alleen-wees	56
	3. Selfkennis	58
	4. Op soek na geluk	61
	5. Kennis van die Dood	62
	6. In die Wagkamer	64

EENVOUDIGE PRAATJIES OOR DINK.

I. Blindheid.

Die oog is 'n venstertjie waardeur ons die wêreld om ons bekyk, en die ooglid 'n soort blinding wat ons kan laat sak om die lig uit te sluit. 'n Groot deel van ons lewe gebruik ons om deur die oogvenstertjies te loer. Ons sien die kleurskakerings in die lug, die gelaat van ons vriende, 'n verbytuffende motor, die bewegings van diere ens. Die blinde woon in 'n donker kamertjie sonder venster, hy dwaal rond in 'n pikswart koolmyn sonder om ooit die uitgang te vind. Gelukkig is daar min mense wat heeltemal blind is. Maar slegs weiniges het 'n volmaakte gesig. Ons weet dat die Boesman baie fyner kan sien as 'n beskaafde witmens en dat 'n kat nog veel beter in die donker kan sien as 'n Boesman. Die oog is 'n baie fyn orgaantjie wat maar alte maklik gebreke ontwikkel. Daar is bysiende en vérsiende mense en ander wat dubbel of onduidelik sien. Party is weer kleurblind.

Net so gaan dit ook met ons denkvermoë. Party kan 'n argument helder sien, ander weer dwaal gedurig rond in 'n mistige, newelagtige omgewing, waardeur die helder strale van die rede nooit kan deurdring nie. Dit is die persoon met verwarde gedagtes. Die dwaas is blind vir sy eie gebreke, sê ons; die politicus volg 'n kortsigtige politiek, en op hierdie wyse dra ons gereeld die letterlike sien oor op die geestelike sien. Met die liggaamlike oog sien ons mense en dinge; met die oog van die rede, argumente of ideë. As ons oë sleg is, raadpleeg ons 'n oogarts; as ons geestelike gesig beneweld raak, behoort ons logika te bestudeer. Logika is die kuns en die wetenskap om korrek te redeneer. Dit help ons om 'n ding in sy regte verhouding te sien; dit verwyder die newels uit die brein en stel ons in staat om 'n argument stap na stap te volg.

Die kampioenbokser is nie altoos die man met de sterkste spiere en die swaarste gewig nie. Die oorwinning word behaal deur die

man wat gou en reg dink. Een persoon met 'n helder brein kan meer uitvoer as vyftig deurmekaar koppe. Die meeste moeilikhede op ons ou wêreld ontstaan deur geestelike blindheid of verwarde denke. As ons dapper en eerlik 'n saak kan deurdink en leer hoe om ons gedagtes duidelik mee te deel, moet die ou deurmekaar wêreld darem eendag uit die newelkring van misverstand en wanbegrip in die glanslig van die heldere rede kom.

* * *

Piet is 'n leuenaar; Jan is 'n leuenaar; Koos is 'n leuenaar; alle mense is leuenaars. Sien jy hierdie argument, of sien jy daar dwarsdeur? Maklik, nè? Maar pas op dat jy nie hierdie soort redenasie met die grootste klem gebruik in jou volgende debat nie! As jy met oortuiging praat en 'n groot aantal gevalle die een na die ander kan inryg, sal baie uit die publiek vas glo dat jy jou stelling bewys het.

Op hierdie wyse vermors ons dikwels 'n hele aand met 'n opstapeling van bewerings en ontkennings, sonder om ooit werklik te redeneer. Ons kom nie verder as twee kinders nie wat as volg „debatteer":

Jan: „Dit is!"

Piet: „Dit is nie!"

„Dit is—is nie—is nie"—totdat Piet Jan se mond met sy vuis toedruk en triomfantelik uitroep:

„Dit is nie!"

Hy het mos sy stelling bewys!

'n Seun kom laat op skool, en die hoofonderwyser soek na die „rede." Daar moet natuurlik 'n werklike rede wees waarvan die seun goed weet; maar dikwels ontdek hy 'n pragtige „ekskuus." Op dieselfde manier spreek ons dikwels 'n mening oor 'n saak uit voordat ons dit behoorlik uitgedink het; maar as ons eenmaal ons mening uitgespreek het, soek ons na „redes" om dit te ondersteun en wys alles af wat lyk of dit ons mening onderstebo kan gooi. Ons oordeel is met ander woorde niks anders as 'n vooroordeel nie. Ons is soos 'n regter wat 'n vonnis vel voordat hy al die getuies gehoor het.

* * *

Geleerdes vertel ons dat die meeste mense blindelings 'n opinie vorm en dan agterna probeer om dit te regverdig deur na redes te

soek. 'n Eerlike persoon sal egter eers al die getuienis weeg, sonder hartstog albei kante aanhoor en dan die gevolgtrekking aanvaar, of dit nou aangenaam is of nie.

Ons is almal geneigd om 'n nuwigheid te bespot, eenvoudig omdat dit nuut is. Die eerste persoon wat 'n sambreel gebruik het, is deur die gepeupel aangeval en deur die polisie gearresteer, omdat hy 'n oproer op straat veroorsaak het. Toe gas vir die eerste maal in groot geboue gebruik is, was baie mense net onrustig. Honderde het gereken dat die spoorweg tot groot nadeel van 'n land sou strek. Die eerste fietse en lugbande is met bespotting begroet.

Presies so gaan dit ook met nuwe ideë. Elke nuwe teorie word uitgelag, elke nuwe ontdekking aan veragting prysgegee. Copernicus was die die eerste om te leer dat die aarde om die son beweeg, en selfs vandag is daar nog kastige slimkoppe wat die teenoorgestelde wil bewys. Dr. Simpson, wat vir die eerste maal chloroform gebruik het, moes smaad en hoon verduur. Die massa hou vas aan hul vooroordele, en keur alles af wat ongewoon is — of dit nou waar of vals is, is van minder belang.

Galileo was van 'n ander geaardheid as die „slimkoppe" van sy tyd. Hy het gehoor van Copernicus se teorie omtrent die aarde se beweging, maar wou geen oordeel vel voordat hy die saak proefondervindelik ondersoek het nie. Met onbevange gemoed het hy die probleem genader. As gevolg van sy ondersoekings het hy gou ontdek dat die bespotte Copernicus gelyk gehad het. Toe hy hierdie mening verkondig, het die priesters hom dadelik in die tronk gegooi. Hulle het hom laat sweer, met sy hand op die Bybel, dat die aarde nie beweeg nie. As hy geweier het, sou hulle hom gefolter het totdat hy die waarheid 'n leuen genoem het.

Wat waar is, bly egter waar. Sy opvolgers kon miskien 'n huigelaar van hom gemaak het, maar sy eie opinie sou daardeur nie verander het nie; nog minder kon die priesters met hul gewelddadige pogings die waarheid verander.

Laat ons as 'n belangrike beginsel van die redeneerproses dus onthou:

„Feite bly soos dit is, en die gevolge sal wees soos dit moet wees."

Dit help jou nie om jou humeur te verloor of opgewonde te raak nie. Geesdrif en hartstog is ideaal as dit op die soliede fondament van die rede gehou is. As-ja-as!

Bly dus kalm. Opgewondenheid is 'n groot vyand van die redeneervermoë. Dit kan ons met geestelike blindheid slaan. Ons kan 'n duisendmaal beweer dat iets waar is, ons kan opgewonde raak en ons humeur verloor, maar dit het met die redeneerkuns niks te doen nie. Partymaal is een man reg en miljoene verkeerd. Daardie enkeling het koel en kalm geredeneer.

Dink nou 'n bietjie na oor die volgende vrae:

(1) Waarom steur 'n genie hom nie aan populariteit nie?

(2) Waarom aanvaar 'n sportman die beslissing van 'n skeidsregter sonder om oor die juistheid daarvan te argumenteer?

(3) Is 'n man wat van politieke insigte verander 'n manteldraaier of 'n papbroek?

II. Waarneming.

Soos reeds opgemerk, is daar twee soorte „sien." As my vriend my op straat verbyhardloop sonder om te groet, sien ek hom met die liggaamlike oog en sy gedrag verbaas my. As ek later egter hoor dat sy seun in die rivier verdrink het, „sien" ek met die geestelike oog waarom hy so snaaks gehandel het.

Party mense sien meer as ander, ofskoon albei ewe goeie oë het. Die een merk met 'n enkele blik meer besonderhede op as 'n ander wat lank na iets staar. Die verskil sit nie in die gesig nie, maar in die gehalte van die brein.

Dit word vertel dat Charles Dickens al die voorwerpe in 'n winkelvenster kon onthou en al die winkels in 'n besige straat in hul regte volgorde kon opnoem. Vir die romanskrywer is 'n wakker opmerkingsvermoë natuurlik onmisbaar.

Ons weet ook van onderwysers wat na 'n enkele oogopslag, en na eenmaal se aflees van die presensielys al hul leerlinge op die naam kan noem. Maar dit wil nog nie sê dat 'n noukeurige opmerker juis 'n goeie skrywer of onderwyser sal wees nie!

Tog word die kinders op skool geleer om akkuraat waar te neem. Weet jy b.v. hoeveel pote 'n krap, muskiet, spinnekop of duisendpoot het? Hoeveel huisies 'n lemoen het? Hoe die wind vandag waai? Hoe die patroon op jou tjekvorm lyk?

Dis moontlik om 'n mens se aandag op beuselagtige dingetjies te versnipper, maar dis tog goed om te onthou dat logika en wetenskap op akkurate waarnemings gebaseer is. Voordat jy begin rede-

neer, moet jy tog oortuig daarvan wees dat jou gegewens korrek is.

Om besonderhede te onthou wat nutteloos of oninteressant is, het natuurlik geen waarde nie. Jy kan die speke van jou motor se wiele tel of die aantal ruite in jou vensters, maar dis twyfelagtig of hierdie kennis ooit van enige nut sal blyk. Ons moet egter leer om *meteens die essensiële feite vas te gryp en die res te vergeet.* Die lewe is te kort om alles te onthou. Net soos die huisvrou by die groot skoonmaak allerhande nuttelose rommel opruim: gebarste koppies, ou snippers, 'n teepot sonder tuit, 'n afbeen-stoel wat manlief vergeet het om reg te maak ens. ens., so moet ons gedurig waardelose gegewens kwytraak. Jy wil tog nie van jou brein 'n ou rommelkamer maak nie! Die Hollanders praat graag van *parate* kennis, d.w.s. kennis wat jy onmiddellik kan gebruik. As jy op die knoppie druk, moet die masjien dadelik loop!

Dit help natuurlik nie om opmerksaam te wees as jy nie nadink oor wat jy sien nie. Kindertjies hou soms daelank aan met hul „waarom's" en „hoekom's" en ons slim grootmense vergeet partymaal dat die persone wat steeds met 'n waarom worstel dikwels die beroemde ontdekkers van hul eeu geword het. Newton en miljoene ander mense het appels sien val; maar hy alleen het aangehou met nadink daaroor totdat hy die rede ontdek het. Vir byna alles bestaan daar 'n rede — as ons dié maar net kan ontdek. Daar moet b.v. 'n rede wees waarom 'n hond gewoonlik 'n kringetjie draai voordat hy op 'n mat gaan lê; waarom ons eers die weerlig sien en dan die dondergerammel hoor; waarom melk so skielik oorkook; waarom 'n konstabel soms wit handskoene dra, ens.

Die oog se werk is om dinge raak te sien. Die geestesoog moet probeer om die fundamentele beginsels te deurgrond. Diere sien dinge gebeur, maar mense behoort te verstaan *waarom* dinge gebeur. Hou jou oë oop en vra jouself af: Van hoeveel doodgewone dingetjies kan ek geen verklaring gee nie?

Naskrif:—Of al die dames sal saamstem dat ou snippers en teepotte sonder tuit opgeruim moet word, weet ek nie. Dis altyd gevaarlik vir 'n man om hom op die gebied van die vrou te begeef. Aangesien die skrywer geen akkurate waarnemer van vrouesake is nie, of liewer hul sake uit 'n man se oogpunt beskou, waag hy dit nie om oor hierdie saak beslis te praat nie.

* * *

III. Klassifikasie.

Daar is miljoene dinge in die wêreld, en van ons kinderdae af tot ons oë dof word deur ouderdom, sien ons telkens nuwe dinge. Natuurlik groepeer ons alles wat eenders is en onderskei dit deur op die punte van verskil te let. Selfs 'n kind van drie of vier jaar doen al 'n poging om onbekende sake by meer bekende te groepeer en dink soms oulike name uit op verwantskap gebaseer.

Kunsmatige artikels word in groot hoeveelhede in fabrieke gemaak en is so eenders dat dit aparte groepe vorm. Natuurlike dinge vertoon baie afwykings, maar dit is tog maklik om sekere klasse aan te wys. Vinke vorm b.v. 'n afsonderlike klas, net soos koppies en pierings. Daar is verskeie soorte vinke en verskeie soorte koppies; maar die hoofeienskappe is tog maklik herkenbaar.

Net soos die onderwyser sy leerlinge in standerds groepeer, so het ook die natuur sy diere en plante in klasse verdeel. Daar is voëls, reptiele, soogdiere ens. Elke klas word weer in onderafdelings verdeel tot in die oneindige. Die grense tussen die verskillende afdelings vervaag dikwels. Daar is mense met blou en bruin oë, maar ook baie wie se oë halfbruin en halfblou is. Daar is delfstowwe, plante en diere, en hierdie drieledige verdeling is handig en bruikbaar. Maar geleerdes vertel ons dat daar baie van die laer lewensoorte is wat blykbaar dier sowel as plant is.

'n Mens sou sê dat 'n voël maklik herkenbaar is deur vlerke, vere, eiers ens. Maar die emu (Australiese volstruis) is 'n voël wat hare het in plaas van vere, en reptiele lê ook eiers. Dierkundiges verseker ons dat die skubbe van 'n reptiel 'n soort veer is en dat eeue gelede party reptiele deur die lug gevlieg het. Honderde mense dink dat die vlermuis 'n soort voël is, die walvis 'n vis en die spinnekop 'n insek.

Uit hierdie voorbeelde sien ons dadelik dat ons populêre klassifikasies nie alte presies is nie. Daar is altoos uitsonderinge en die een groep bevat dikwels ook lede van 'n ander groep. Voordat ons begin redeneer, moet ons sorgvuldig oorweeg of ons nie miskien 'n twyfelagtige geval beetgekry het om daarop 'n wankelende gebou op te rig nie.

Die eerste eis van 'n logiese indeling is die vasstelling van die indelingsgrond. As jy die verdelingsbeginsel verwaarloos, dan loop die onderdele inmekaar. Baie moeilik is dit en dikwels onmoontlik

om essensiële en toevallige kenmerke van mekaar te onderskei. 'n Oppervlakkige gelykheid hoef nie juis 'n wesenlike gelykheid te wees nie. Was kan b.v. in harde, sagte, vloeibare en poeieragtige vorm verskyn. By watter stowwe gaan jy dit nou indeel? Dieselfde dinge kan op verskeie manier geklassifiseer word na gelang van die besondere doel wat daarmee beoog word. Vir die tuinier is 'n verdeling van plante in bome, struike, blomme, gras en onkruid prakties genoeg. Maar die plantkundige verdeel en onderverdeel elke soort in honderde klasse, omdat hy glad 'n ander doel het.

Die wetenskaplike klassifikasies is 'n later ontwikkeling, wat moontlik geword het deur die uitbreiding van ons kennis en die volmaking van ons taal. Selfs diere egter, het die vermoë om te klassifiseer: 'n kat verwar nie 'n hond met een van sy eie soort, of water met melk, en kool met vis nie! Die wetenskaplike navorser is glad nie tevrede met ons haastige klassifikasie nie; hy ondersoek alles met sy ontleedmes, sy mikroskoop en fyn instrumentjies; hy krap in alle hoekies en gaatjies totdat hy daarin slaag om dinge wat die meeste eienskappe gemeen het, bymekaar te groepeer. Die wetenskap bou 'n sistematiese klassifikasie op wat ons in staat stel om die natuur beter te begryp, want 'n goeie begrip moet gebaseer word op 'n kennis van die ooreenkomste en verskilpunte tussen verskillende dinge.

As ons 'n voorwerp op sy regte plek in 'n klas onder dak kan bring, dan voel ons dat 'n raaisel opgelos is; dan staan ons nie soos Piet van Tonder wat dood is van verwonder nie, of soos 'n Zoeloe wat vir die eerste maal 'n vliegmasjien sien nie! So 'n klassifikasie versterk ons geheue, help ons om iets in verband te bring met ander van sy soort. Die sifkop loop steeds op dieselfde gedagtepaadjies. Sy argumente is vervelend, en onprakties ook, want dis hoog selde dat twee gevalle in alle opsigte op mekaar gelyk. Ons het 'n hele reeks gevalle nodig wat ons moet vergelyk om die ooreenkomste en verskilpunte raak te sien, en daaruit moet ons dan 'n beginsel soek wat toegepas kan word op ons onmiddellike behoefte.

IV. Binnetoe Kyk.

Oom Koos sit op sy hurke langs die wa, besig om stokkies te sny met sy knipmes. Oënskynlik is al sy gedagtes gekonsentreer op hierdie werkie; maar as ons sy gelaat noukeurig bestudeer, dan blyk

dit dat hy diep in gedagte is. Loop skielik op hom af en vra hom onverwags: „Waaraan dink Oom?" en hy sal waarskynlik sê: „Ag, sommer oor niks."

In werklikheid hou oom Koos niks van hierdie indringerige vraag nie, want hy was besig om aan 'n hele klomp dinge te dink. Ons gemoed is nie soos 'n welingerigte kamer, sorgvuldig aan die kant gehou, met elke ding netjies op sy plek nie. Ons kan dit eerder vergelyk met 'n volgepakte rommelkamer wat 'n magdom van klein goedjies bevat, party mooi gerangskik, maar ander weer ordeloos deurmekaar. Sodra ons die deur van die gedagtekamertjie oopstoot, fladder ons gedagtes soos 'n swerm motte rondom 'n lamp.

Met 'n bietjie oefening kan ons darem daarin slaag om 'n kykie te neem in ons gedagtekamertjie. Probeer dit in oomblikke waarop jy skynbaar aan niks sit en dink, as jy so halfpad aan die slaap gewieg word deur die reëlmatige ritme van 'n trein, of as jy b.v. tevergeefs probeer om aan die slaap te raak en al moeg word om jou gedurig om te draai. Laat die geestesstroom wat rusteloos jou gedagtes met hom saamvoer 'n enkele sekonde stilstaan en vra jouself af: Waaraan dink ek nou? Dis baie goed om af en toe 'n inventaris op te maak van die inhoud van jou rommelkamer, om 'n blik te kry op die geruislose masjinerie wat maar altoos en altoos sonder ophou, nuwe beelde voor jou geestesoog laat verbytrek. Sielkundiges noem dit introspeksie, dit wil sê, na binne toe kyk.

Hoe is die gehalte van die gedagtes en beelde wat ons heeldag besig hou? Kyk 'n bietjie binnetoe en word jou eie regter. Dis tog duidelik dat die persoon wie se gemoed vol is van nietige plesiertjies, eie gerief, lekker kos, aangename geselskap, kortom alles wat tot sy materiële welsyn bydra, verder verwyder is van wat ons dink noem as die persoon wat in sy verbeelding geniet van heerlike natuurtonele, herinneringe van edele gedagtes deur groot skrywers geuit, of ander geestelike genoeëns.

Introspeksie kan aangevul word deur twee bronne, naamlik ons private briewe en ons gesprekke. Om dié te beoordeel, het ons geen sielkundige proses nodig nie. Wat hoor jy jouself sê? Praat jy heeldag oor die weer, oor jou buurvrou se rokke? Is jou briewe vol belangrike ditjies en datjies, wat alleen van 'n bywoner s'n onderskei kan word deurdat jy jou grammatikaal korrek uitdruk en beter kan spel? As jy eerlik is, sal jy in so'n geval moet oordeel: My gedagtegang is plat, laag by die grond.

Baie mense het 'n goeie geheue, wat hulle in staat stel om maklik verworwe kennis op sierlike wyse uit te stal. Maar ons kan hierdie tipe gou onderskei van die egte denker. Is jou gemoed niks anders as 'n spieël waarin die menings van ander persone weerkaats word nie? Word jy deur die bespreking van enige onderwerp wat uit verband is met jou eie simpatieë of antipatieë verveel? Begin jy te gaap of rond te skuiwe sodra die koerant of die boek 'n onderwerp aanraak wat bietjie studie vereis? Word jy moeg en lomerig sodra jy probeer om 'n saak uit te dink? Wel, dan is jy nog glad nie 'n denker nie!

Dis 'n baie treurige verskynsel dat negentien uit elke twintig mense nooit dink nie. Gewoonlik word die mens beskou as 'n redenerende wese, maar in werklikheid is hy die slaaf van sy instinkte en gewoontes. Die meeste mense laat hulle gedagteloos lei deur een of ander holklinkende leuse of algemeen aangenome mening. Dit maak geen saak of die persoon hoog of laag aangeskrewe staan in die samelewing nie. Die beroemdste wetenskaplike is dikwels net so naïef as 'n spoorwegarbeider, behalwe waar dit sy eie vak geld; 'n staatsman klem hom dikwels net so vas aan ou verroeste stellings as 'n straatredenaar. Die man wat vir homself dink, is een van die seldsaamste verskynings. Dit neem 'n nasie gewoonlik eeue om bevryd te raak van afgeleefde leuses, soos b.v. die geloof in vryhandel, die leer van die vryheid van die see, ens.

Almal het die mond vol van „beskawing"; maar wat beteken dit eintlik? Is die besit van 'n blink motor en mooi klere, of 'n kennis van letterkunde en wetenskap ons maatstaf? Vir die meeste mense beteken dit eenvoudig die aangename waan dat ons manier van dinge doen die enigste verstandige manier is. Ons is almal begrens deur die ideë van ons eie nasie, groep of klas.

Ons het denkers nodig wat geestelik selfstandig is; nie babetjies wat al hul opinies uit daardie groot suigfles — die koerant — indrink nie.

V. Die Denker.

Jou motor het jou langs die pad in die steek gelaat. 'n Hele paar medereisigers het al langs jou stilgehou, begerig om te help. Gissinge oor die oorsaak van jou moeilikheid is volop. Oom Klaas reken dis die petrolpypie wat verstop is, oom Johannes wil die vonk-

proppe uitdraai . . . . Maar geeneen weet met sekerheid wat die motor makeer nie. Hulle raai maar net. Onderwyl jou vriende nog redeneer, hou nog 'n motor by julle stil. Stilswygend nader die nuwe aankomeling jou motor. A, nou sal die ding gou regkom, want dis mos 'n werktuigkundige. Hy vat hier en hy vat daar, probeer dit en dat . . . . maar sê niks, want hy is besig om te dink. Verskillende veronderstellings, 'n hele reeds moontlike oorsake flits deur sy brein. En met onfeilbare vingers betas hy die vernaamste dele van die masjien. Terwyl oom Klaas nog heftig stry met oom Johannes, begin jou masjien weer te loop. En die werksman bekyk hulle met 'n glimlag.

Die man wat vir homself dink, steek altoos kop en skouers bo sy medemense uit. Hy sien wat hulle nie sien nie, omdat hy nie tevrede is om andere na te praat nie. Geestelike onafhanklikheid is sy vernaamste kenmerk. Hy is nie bang om die „gesonde verstand" van die massa in twyfel te trek nie. Hy ondersoek die oorgelewerde begrippe wat ons almal sonder nadenke aanvaar en onderwerp hulle aan 'n grondige toets. In die sestiende eeu is Galileo as kranksinnig beskou omdat hy beweer het dat die aarde om die son draai, en in ons tyd het Einstein weer blyk gegee van geestelike onafhanklikheid deur die beginsel dat twee parallelle nooit mekaar kan ontmoet nie te ontken. In Augustus 1914 het die meeste mense gemeen dat die Wêreldoorlog hoogstens drie of vier maande kon duur. Dit was alleen enkele persone wat die saak goed oorweeg het wat tot 'n ander gevolgtrekking geraak het.

Baie middele is al aan die hand gegee om voetgangers te beskerm teenoor onverskillige motoriste. Met allerhande snelheidsbepalings word daar geëksperimenteer; maar dit sal seker nog jare duur voordat die radikaalste middel, waaraan nog maar weinige outoriteite gedink het, toegepas sal word, dit naamlik: neem die motoris se toeter weg!

Almal kla oor die bombastiese welsprekendheid van parlementslede, wat nie bedoel is om die opposisie te oortuig nie, maar vir die kiesers in 'n verafgeleë afdeling. 'n Oorspronklike denker, die wyse ou priester, Ernest Dimnet, het aan die hand gegee dat ons die vloedgolf van toesprake aanmerklik kan stuit deur die praatsugtige parlementslede te verplig om sittende te spreek.

Uit sulke voorbeelde blyk dat die wêreld vol is van napraters, en dat dit soms eeue duur voordat 'n oorspronklike denker kan aan-

toon dat die sogenaamde „gesonde verstand" van die massa vol dwaasheid is.

Ons samelewing word beheers deur die almanak en die klok. Dit stel ons in staat om die trein te haal en ons maandelikse tjek te trek; maar ons het ook slawe geword van hierdie ysere reëlmaat. Elke verjaardag stem ons somber, en die feit dat ons oud word, is 'n ware skrikbeeld. Volgens sekere skrywer bestaan die tragiek van oumense daarin dat hulle jonk voel. Daardie ouderdomsgevoel word veroorsaak deur ons klokke, kalenders ens. As ons dit alles kon wegsyfer, sou ons ganse lewensbeskouing verander. Dink maar aan die glimlag van die ou Zoeloe wat jy uitvra omtrent sy ouderdom. Hy hèt eenvoudig geen ouderdom nie! Tog eis dit groot inspanning by 'n blanke om ontslae te raak van die slawerny van verjaardae.

VI. Te Veel Sport?

Ons mag wel vra of ons skole en universiteite daarin slaag om selfstandige denkers op te lei. Wie die hartstog van die jeug vir georganiseerde spele soos voetbal, tennis, hokkie ens. van naby beskou het, moet soms twyfel aan die toekoms. Die helde wat ons jongmense vandag vereer, is byna sonder uitsondering sporthelde of anders persone wat een of ander rekord geslaan het. Elke respektabele koerant het sy sportredakteur, en selfs as iemand daarin geslaag het om 'n paar dae aaneen te dans of te swem of skaats te ry, word hierdie rekord as 'n gewigtige feit aan alle koerante oorgesein. Gedurende die afgelope vyftien jaar het die sportafdeling op ons skole 'n soort nasionale besigheid geword. Elke skool het sy sportmeesters, wat die spanne brei, en elke naweek vind daar wedstryde plaas. Wie protesteer teen hierdie tydrowende en uitputtende wedstryde word beskou as 'n ou remskoen of 'n boekwurm.

Niemand sal so dwaas wees om te ontken dat sport 'n gesonde afleiding vir ons jongmense is nie. Maar die oorheersende plek wat daaraan toegeken word op ons skole, in die pers en in die volkslewe, belet ons om aandag te skenk aan sake van veel meer belang en skep 'n atmosfeer waarin al wat ernstig is vir oppervlakkigheid moet wyk. Vir ons jongmense het die lewe geword 'n aaneenskakeling van opwindende wedstryde, 'n koorsagtige gejaag om êrens te kom of iemand te klop. Binne redelike perke kan dit alles sy nut hê,

maar dit lei seker nie tot die ontwikkeling van 'n volkskultuur nie. Daarom lyk dit vir my noodsaaklik om daarop te wys dat 'n student nie alleen op die voetbalveld moet „werk" nie, maar dat sy eintlike taak is om deur geestelike oefening tot 'n selfstandige denker te ontwikkel. Spel het vir ons jongmense so'n ernstige saak geword dat al hul belangstelling daarop gekonsentreer word.

DIE KUNS OM TE LEES.

I. Wat Moet Ek Lees?

In die vroegste eeue, toe feitlik alleen priesters die leeskuns verstaan het, was dit 'n heilige verrigting. Omdat so weinig mense die perkamentrolle besit het en daarin kon slaag om dit te ontsyfer het hulle dit as plig beskou om hul kennis mee te deel deur hardop voor te lees. Hierdie gewigtige taak het hul volle aandag geëis. Hulle kon nie, soos ons vandag maak, net vlugtig die oog langs 'n gedrukte reël laat gly nie, maar moes alle kragte inspan en alle afleidende gedagtes verban. Kortom, die voorleser moes met sy hele siel lees. Boeke was skaars en baie kosbaar, so kosbaar dat hulle met kettings vasgemaak is in 'n biblioteek. Selfs na die uitvinding van die drukkuns in die vyftiende eeu het die boekerye van die rykste kloosters en konings selde meer as 'n paar duisend boeke bevat. Ons weet dat die filosoof, Spinoza, minder as sestig boeke besit het. 'n Honderd jaar later het Kant se biblioteek ongeveer driehonderd boeke bevat.

Die vroegste lesers het wel geen ruime keuse gehad nie, maar die boeke wat bestaan het was meestal klassieke werke. Hoe anders is die toestand nie vandag nie! 'n Mens staan eenvoudig verbysterd as jy dink aan die duisende der duisende boeke en tydskrifte en koerante wat jaarliks, weekliks of daagliks verskyn. Om alles te lees is natuurlik onmoontlik. Ons word gedwing om 'n keuse te doen. Maar hoe weinig mense is in staat om verstandig te kies? Is ons nie feitlik almal die slagoffers van daardie gruwelike monster van die moderne samelewing: die advertensie? Toe die boek handelsartikel geword het, wat by duisende uit die masjien gerol het, moes die afsetgebied vergroot word om profyt op te lewer. Deur middel van advertensieveldtogte moes die publiek aangemoedig word om te koop wat dit nie wou hê nie. Die groot kapitalis kon sy pers alleen aan die rol hou as hy duisende eksemplare ver-

koop. Van Lord Northcliffe is bv. gesê: „He broke down the dignified idea that the conductors of newspapers should appeal to the intelligent few. He frankly appealed to the unintelligent many." Dit is helaas ook maar alte waar van baie skrywers. Ter wille van vuil gewin maak hulle 'n beroep op die laagste instinkte van die mens. So het die skryf van „best sellers" 'n groot industrie geword, 'n sake-onderneming. Michael Joseph gee 'n mooi resep vir hierdie soort boekfabrikante in sy „Journalism for Profit." „The next business in hand is to get on the right side of the Great British Public. And keep your eyebrows well pinned down. It is quite likely you may know it all and feel enormously sorry for the Great British Public for not having enjoyed all your advantages. But the Great British Public is not always impressed. Very frequently it is bored stiff. Silly and presumptuous of it, but there it is. Amuse it and cheer it up. Confide in it. Give it, now and again, a good old cry. It loves that. But don't, for your success's sake, come the superior highbrow over it."

As gevolg van hierdie ontwikkeling is ons boekwinkels en biblioteke vandag volgeprop met waardelose rommel—meestal romans. Byna alle mense lees teenswoordig, maar jy moet hulle tog net nie vra *wat* hulle lees nie! „Ag, sommer 'n storieboek!" Meestal weet hulle nie eers die titel of skrywer nie. Hulle lees eenvoudig om verstrooiing te soek, of om die tyd te verdryf. Nooit sal hulle 'n boek lees wat *in*spanning vereis nie—hulle soek net na *ont*spanning, oppervlakkige vermaak. Hulle wil 'n boek lees soos hul 'n sigaret rook, soos hulle kaart speel. Dis 'n verdowingsmiddel wat hul in staat stel om vir 'n paar uur al die narigheid en kwellings van die daaglikse lewe te vergeet. Hulle lees omdat hulle te lui is om te dink.

As jy boeke wil lees om jou dinkvermoë te versterk, dan moet jy natuurlik alle oppervlakkige prikkellektuur vermy. Jy het nie boeke nodig wat jou alleen amuseer, of wat jou saggies aan slaap sus nie, maar boeke wat jou helder wakker laat regop sit en jou brein tot inspanning aanspoor. Dis glad nie so danig belangrik dát jy lees nie, want almal lees. Van die allergrootste belang is egter *wat* jy lees en *hoe* jy lees. John Ruskin het gesê dat n' mens al die boeke van die Britse Museum kan lees en tog ongeletterd bly. Maar lees tien bladsye van 'n goeie boek met werklike noukeurigheid, en jy is vir altyd in sekere mate 'n ontwikkelde mens.

As jy vra: Wat moet ek lees? dan sê ek reguit: Ek weet nie. Dit hang van jou geaardheid af. Kan iemand anders vir jou jou vriende uitsoek? Moet ek uit al die mooi meisies vir jou 'n nooi kies? Hoe moet ek nou weet watter skrywers jy sal liefkry, watter skrywers jou dinkvermoë so sal prikkel dat jy hul boeke eenvoudig nie kan toeslaan nie. Jy self en jy alleen kan uitvind wie die skrywers is wat jou lewe verinnig en verryk, wat jou help om die raaisels van die ou wêreld 'n bietjie dieper te deurgrond, wat jou gelukkiger maak omdat hulle jou die skoonheid laat besef van die gewone, alledaagse lewe.

Ernest Dimnet, van wie ek hier enkele gedagtes oorneem, het hierdie raad aan jongmense gegee: *Moenie goeie boeke lees nie,* die lewe is daarvoor te kort — *lees alleen die beste boeke.* Nou hoor ek al hoe jy sug en kreun: Ag, die ou, dorre, droë klassieke werke! Wie wil nou heeldag studeer? Gee my liewer 'n speurverhaal of 'n roman oor twee smagtende verliefdes wat na baie draaie en swaaie uiteindelik veilig in mekaar se arms beland en dan in die slothoofstuk op die drumpel van hul eie huisie met 'n gesonde tweeling verskyn.

Hierdie versugting is die rampsalige gevolg van ons ongelukkige stelsel van „voorgeskrewe boeke" by die openbare eksamens. Die Matriekstudent moet bv. twee jaar lank bestee aan ses boeke— lang nie altoos meesterwerke nie; hy moet hulle kou en herkou tot hy sat daarvan is. Na die eksamen word hulle êrens weggeprop, en so ontstaan dikwels die noodlottige wanbegrip dat alle klassieke werke vervelend is. Maar ten spyte van die dwang van ons eksamenstelsel slaag die meeste onderwysers tog daarin om by hul leerlinge 'n opregte liefde vir boeke te wek.

En hier wil ek met die grootste nadruk verklaar dat as iemand in die ware sin van die woord 'n leser geword het, dan is sy opvoeding sover dit die skool betref, voltooi. As hy eers weet wat 'n goeie boek vir sy ontwikkeling beteken, dan sal hy sy opvoeding verder self voortsit. Tereg het Carlyle verklaar dat alles wat 'n universiteit vir ons kan doen nog maar steeds dieselfde is waarmee die laerskool begin het—naamlik om ons te leer lees. Ons leer lees in verskillende tale, in verskillende wetenskappe . . . . maar die plek waar ons kennis moet opdoen is in die boeke self. Nadat alle moontlike professors vir ons gedoen het wat hulle kan, hang alles tog maar af van wat ons lees. Die ware universiteit van ons eeu is 'n versameling boeke.

II. 'n Nasionale Biblioteekstelsel.

As die Boek dan so belangrik is, dan mag ons wel vra: Hoe staan ons as Afrikaners teenoor die Boek? Laat ons die beroepsmense, wat deur hul werk gedurig boeke mòet lees, buiten rekening en let ons veral op die breëre volkslae, dan is daar weinig belangstelling vir boeke te bespeur. Die plattelander lees sy koerant, sy kerkblad en miskien nog 'n landboublad, maar hy het geen behoefte aan geestelike omgang met die wêreld se edelste denkers wat hul gedagtes in boeke opgeteken het nie. Die dorpsbewoners en stedeling vind afleiding en vermaak in die bioskoop, en as hy 'n leser is kom hy selde verder as ontspanningslektuur. In die huise van ons meer gegoede Afrikaners vind ons duur meubels, maar deurgaans weinig boeke. Nie eers vir die kinders word gesorg nie. Daar is baie ouers wat duur speelgoed koop, maar nooit aan 'n boek as geskenk sal dink nie. Om van een pond tot twee pond tien uit te gee vir 'n speelgoedmotor of trapfiets is vir hierdie ouers 'n kleinigheid; maar vyf shillings vir 'n boek — nog nooit nie! En dan kla hulle dat Jannie en Sannie so sleg op skool vorder. Sal ons u sê waarom? Dis u skuld. U gee hulle kos en klere en speelgoed, maar u laat hulle siel, hulle intellek honger ly. Die groeiende sieltjie, wat so vatbaar is vir indrukke, kry niks om op te teer nie. Die verstandjie, wat so graag alles wil weet, kry geen probleme om sy dinkkrag op te toets nie. Die ontluikende verbeelding, wat steeds lugkastele bou, word beperk tot wat die kind rondom hom kan waarneem. U laat u kind geestelik verhonger en moet dus nie verbaas wees dat hy suf op skool is nie. Die kinders behoort 'n afsonderlike boekrak te hê waar hul al hul skatte kan bêre, waar hul na hartelus kan rondsnuffel. Het u al ooit 'n kind gesien wat so verdiep is in sy boek dat hy totaal onbewus is van wat in sy omgewing gebeur? Jy roep hom, maar hy hoor nie, want die skrywer het hom weggevoer na 'n verbeeldingswêreld. Daardie kind verstaan die kuns om te lees, want hy het die buitewêreld uitgesluit, hy weet wat konsentrasie is en oorgawe. As jy jou kind laat opgroei sonder Rooikappie, Duimpie, Robinson Crusoe, Esopus en die sprokies van Grimm — om maar net 'n paar te noem — dan begaan jy 'n misdaad wat later nie kan herstel word nie, omdat die heel eerste boeke wat ons in ons kinderjare lees van soveel belang is vir ons hele lewe.

Hoe kan ons nou die gesindheid van die Afrikaner teenoor die boek verander? Hoe kan ons hom laat verstaan dat 'n goeie boek

'n daaglikse behoefte behoort te wees, dat hy deur veronagsaming daarvan die moontlikheid van geestelike ontwikkeling uitsluit? Myns insiens sal ons nooit die breë volkslae bereik nie voordat die Staat 'n nasionale biblioteekstelsel ontwerp, *wat goeie boeke binne die bereik van elke burger van die land bring.* Op die meeste dorpe vind ons wel biblioteke wat in stand gehou word deur 'n klein klompie geesdriftige persone. Maar hierdie inrigtings is meestal, soos 'n Amerikaanse besoeker dit uitgedruk het, „cemeteries of books." Dis alleen 'n enge kringetjie wat daarvan gebruik maak, en deur gebrek aan fondse kan slegs klein voorrade nuwe boeke aangekoop word. 'n Boek moet nie op die rak bly staan en vermuf nie; dit moet gedurig sirkuleer, dit moet binne die bereik gebring word van die boer op sy afgeleë plaas, van elke skoolkind op die kleinste plaasskooltjie, van elke bywoner wat dit nie self kan koop nie. Iedereen wat sy kennis wil uitbrei, moet deur middel van die telefoon op pos binne enkele dae presies die boek kan kry wat hy nodig het vir sy studie of om een of ander praktiese probleem op te los.

Dit kan ons alleen bereik deur 'n nasionale biblioteekstelsel met staatsondersteuning. So'n stelsel bestaan alreeds ongeveer 25 jaar in die Verenigde State van Amerika. Die sogenaamde „County Library," wat saamwerk met die Staatsbiblioteek, voorsien die hele platteland van boeke. Per pos, spoor of bus word boeke na alle oorde gestuur. Die sentrale biblioteek beskik oor 'n aantal spesiaal ingerigte motors, „Bookmobiles," wat rakke bevat vir 500 tot 1,600 boeke. Die kante het glasvensters, wat oopgeskuif of opgeslaan kan word om die uitdeling te vergemaklik. So'n rondreisende biblioteek voorsien die skole in die distrik, laai boeke af by privaat woonhuise of winkels, by die sekretarisse van verenigingе, ens. en kom dit na een of twee maande weer vervang deur nuwe boeke. Ek haal net een voorbeeld aan uit 'n Amerikaanse pamflet „Rural Libraries." „Regular visits were made by the librarian or assistant to 107 country distributing points and 168 individual rural homes in distributing 22,474 books." 'n Behoorlike opgeleide bibliotekaris reis saam met die boekmotor om advies te gee in verband met die keuse van boeke.

U kan u voorstel dat die aankoms van die reisende biblioteek op die platteland 'n gebeurtenis van groot belang is. Van alle kante word dit eenvoudig bestorm deur boere, plaasarbeiders en kinders, wat almal met 'n stapeltjie boeke huis-toe gaan om in die eensaam-

heid te lees en te dink. Dit hoef geen betoog dat die intellektuele peil van die volk deur so'n gereelde diens geweldig moet styg. Ek haal weer 'n voorbeeld uit die Amerikaanse pamflet aan: „A farm boy with little chance for schooling was loaned a book on . . . . engineering. He studied it during the winter, passed an examination for . . . engineer and secured a good position .A sheep herder who borrowed a book on animal diseases when his sheep became sick saved his sheep, while other flocks perished. When the potato crop failed — the library was ready with truck garden, fruit, dairy and poultry books which were greatly appreciated. Not only trade books but the classics and modern fiction are in demand by farm people . . . Opposition to the establishment of a county library was voiced by some farmers on the theory that books would never reach the farmers, but these farmers are now among the most frequent users of the library."

En wat word van ons plaasseuns nadat hulle die dorpskool verlaat het? Hulle sien feitlik nooit 'n boek nie en daardeur is verdere ontwikkeling vir hulle onmoontlik. Ek glo dit eenvoudig nie dat ons Afrikaanse kinders hoef agteruit te staan vir die Amerikanertjies nie. Gee hulle die boeke, kweek by hulle die leesgewoonte aan en dan sal ons ook eindelik boere kry wat hul werk volgens wetenskaplike beginsels aanpak en nie sommer maar aansukkel op die ou manier nie. Hoe kan ons nou vir ons land so'n nasionale biblioteekstelsel verkry? As die drang uit die volk kom, moet die Regering gehoor gee. Ons moet propaganda maak, ons parlementslede lastig val tot hulle gehoor gee. In plaas van oulike vrae uit te dink oor ons status, die reg om neutraal te bly en strikvrae oor wat Generaal Dinges tien jaar gelede op Pampoenkraal gesê het moet ons ons geestelike behoeftes aan hulle voorlê en aan hulle torring totdat hulle beloof om ons 'n subsidie vir die verspreiding van breinvoedsel te gee. Teenswoordig word ons boere op rojale wyse gehelp om damme te maak, om bywonershuise te bou, om verbeteringe aan te bring. Ek hoor van miljoene wat gespandeer word om die boer op sy plaas te hou. Maar ek het nog nooit van een boer gehoor wat die noodkreet aangehef het: Gee ons boeke om te lees! Daar is inspekteurs vir skadelike onkruid, vir ons beeste en hoenders, daar is uitbreidingsbeamptes wat ons boere voorlig oor die nuutste metodes, maar ek het nog nooit gehoor van 'n boerevereniging wat 'n deputasie na die Uniegebou gestuur het

om te soebat vir geestelike voedsel nie, omdat die kinders van sielehonger vergaan.

III. Ons Dink Nie!

Weet u waarom ons so onverdraagsaam is op politieke gebied? Waarom ons mekaar bloedneus slaan en geen ordelike vergadering meer kan hou nie? Dis omdat ons nie dink nie. Ontwikkelde mense kan van mekaar verskil sonder om so opgewonde te raak dat vuishoue uitgedeel word. Maar, laat ons dit maar erken, ons mense dink nie. En hulle kan nie dink nie omdat hulle nie kan lees nie. Of ja, hulle lees wel, maar net die koerant van hulle eie party. As jy die koerant van die ander party ook lees, is jy mos 'n afvallige, 'n verraaier. Ons geestelike voedsel word ons lepelsgewyse toegedien deur die dagblad. Die redakteur dink vir ons. Ons teer net op die kossies wat die koerant ons daagliks voorsit, ons is die slagoffers van sy opskrifte, ons is napraters. Ek het alle respek vir ons Afrikaanse pers, en besef ten volle van hoeveel betekenis dit vir die ontwikkeling van ons volk was. Maar ek wil met die grootste nadruk beweer dat 'n mens nie net kan teer op intellektuele voedsel wat die koerant verskaf nie. 'n Ontwikkelde persoon sal nooit tevrede wees met opinies wat klaargekook word in 'n redaksiekantoor op Pretoria, Bloemfontein of Kaapstad nie. Hy sal self 'n saak wil uitdink, nadat hy alles deeglik ondersoek het. Ons pluk nou die wrange vrugte van 'n proses wat jare al aan die gang is. Ons mense haal al hul wysheid uit die koerant van een party. Die bietjie dinkwerk wat ons doen is in verband met die politiek, en daarom kan ons oor niks anders praat nie. Om belang te stel in landsake is die plig van elke burger, maar wie al sy wysheid uit die koerant van een party put — so'n persoon het nog nooit leer lees nie, en hy sal nooit sover kom om selfstandig te dink nie.

Die politiek is tog maar 'n klein afdelinkie van die uitgestrekte geestesgebied. Laat ons tog nie al ons energie daaraan wy nie. Ons het knap parlementslede wat baie verstandig kan redeneer oor kwessies soos bv. appèl na die Geheime Raad. Persoonlik soek ek egter liewer 'n rustige hoekie waar ek in geestelike aanraking kan kom met 'n kunstenaar wat die geheime van die wonderlike lewe aan my kan openbaar.

IV. Die Bioskoop.

Het daar nog nooit oomblikke in jou lewe gekom nie, waarin jy ontevrede, bitter ontevrede gevoel het met jouself, met jou omgewing? Jy gaan na die bioskoop en vind daar wel afleiding, die gebeurtenisse in die groot, woelige wêreld rol so prettig oor die wit doek. Jy leef saam met die duiwelse skurke wat listige planne uitbroei en dit met lewensgevaar uitvoer; en jy bewonder die engele in mensegedaante wat sulke edele dade verrig. Maar as jy terugblik op die jare en jare waarin jy al na die bioskoop gegaan het, kan jy dan eerlik sê, dat jy daar iets wat werklik waarde het vir jou innerlike lewe, vir jou siel, opgedoen het? Was dit nie maar meestal 'n aaneenskakeling van die alleronmoontlikste sottighede, wat jou wel vir een aand afleiding besorg het, maar tog geen blywende bevrediging nie?

Seker, die bioskoop kan miskien nog ontwikkel tot 'n magtige faktor in ons kultuurlewe. Maar, soos dit op die oomblik bestaan, is dit eenvoudig 'n geldmaakmasjien, wat verstrooiing verskaf aan mense wat hul verveel en wat te lui is om te dink, opwinding sonder inhoud gee, spanning sonder doel, vermaak sonder gees, soos Henriette Roland-Holst dit uitdruk. Deur middel van woeste opwinding en prikkelende sensasies moet die massa in staat gestel word om die onbeduidendheid en eentonigheid van hul bestaan vir 'n rukkie te vergeet. Die rolprent voer hul na 'n towerlandskap waar alle droombeelde, avontuurlike en sentimentele, liggaam kry. Dis die veiligheidsklep vir ontelbare onvervulde en onvervulbare begeertes. Vir 'n paar sikspense kan 'n mens die dorre woestyn van die werklikheid met al sy drukkende sorge ontvlug. Maar hierdie tydelike bedwelming kan geen durende bevrediging skenk nie. Wie ernstig nadink, moet wel na iets beters verlang.

Dit kan jy vind in 'n goeie boek. Die edelste denkers, die grootste geeste van alle eeue het hul beste gedagtes, hul treffendste ervarings vir ons opgeteken. Dit is 'n kosbare nalatenskap wat deur ons in besit geneem moet word. Maar dan moet jy leer hoe om te lees, want dit sal seker meer inspanning kos om 'n goeie boek te lees, as om te sit en kyk na 'n filmster se verliefderigheidjies. Maar die wins is ook soveel groter. As jy werklik die groot geluk wil bereik om letterkundige kuns ten volle te geniet, moet jy begin om jouself op te voed. Moenie jou verbeel dat jy alles weet as Jan en

Sannie mekaar „gekry" het nie, dat die skoonheid van 'n verhaal jou eiendom geword het as jy met die skrywer saamstem of van hom verskil. Jy moet weet of dit reg is om deur 'n boek ontroer te word, en of dit reg was om dit te veroordeel. Jy mag nie net met gevoude hande sit nie, net gereed om te ontvang. Jy moet in staat wees om die skrywer halfpad te ontmoet: jy moet 'n ernstige poging doen om jou uit jou eie ekkie op te hef, totdat jy voel hoe groot die persoonlikheid van die kunstenaar is. 'n Kunswerk is iets anders as 'n berig wat ons nuuskierigheid bevredig, iets anders as 'n stelling waaroor 'n mens kan debatteer. As ons ons siel wil verryk, met wat die kunstenaar in sy beste oomblikke aan ons gegee het, moet ons vol vertroue fyn luister na sy stem. Dit eis ons onverdeelde aandag, dit eis inspanning van alle kragte. Ons moet leer nadink en verstaan; nie net gevoelig ondergaan nie, maar daarna weer ons selfstandigheid herwin deur die gelesene geestelike te verwerk. Ons moet eerbied hê vir 'n goeie boek, want al kan dit as gewone handelsartikel gekoop word, tog is dit die draer van heel ons menslike beskawing. Neem dit huis-toe, lees en herlees dit, totdat dit iets in jou binneste lospeuter, totdat dit 'n nuwe wêreld vir jou oopmaak. Al die onrus en gejaagdheid van die woelige lewe sal verdwyn, al die nietige in jou en rondom jou sink weg en die beste wat in jou is hou gemeenskap met 'n groot siel. As jy daagliks met sulke groot geeste omgaan dan sal al die klein ergernisse van die lewe jou nie soveel hinder nie, want jy dra binne in jou 'n straal van die skoonheid.

As jy nog tevrede is met die geselskap van jou bure, as jy jou dinkmateriaal net uit die koerant of uit oppervlakkige ontspanningsboeke kry, as die bioskoop jou hoogste vermaak is, dan *leef* jy nog nie regtig nie. Jy eet en drink, loop rond en slaap — maar jy leef nie in die ware sin van die woord nie. Jy mag „'n gawe kêrel" wees, maar 'n volledige mens is jy nie. Soek die geselskap van die grootste geeste; gaan vertroulik met hulle om; eers dan word jy 'n komplete mens.

KROM-DENKERS EN REGUIT-DENKERS.

I. Eenvormige Denkgewoontes.

Byna alle mense is oorspronklike denkers gedurende hul kinderjare. Dit is die tydperk wanneer ons sonder enige skroom of terughouding uitspreek wat deur ons gemoed flits, wanneer ons direk reageer op ons indrukke. Maar vanaf ongeveer die tiende lewensjaar word die kind bewus van die ouer mense rondom hom en ontwikkel hy tot 'n volmaakte naäper. Hy verloor die grootste gedeelte van sy spontane oorspronklikheid en neem langsamerhand die maniere, gewoontes, taal en denkwyse van sy omgewing aan. Op skool word daarna gestrewe om sy individualiteit te ontwikkel, maar dit gebeur helaas alte dikwels dat sy persoonlikheid daar slegs die brandmerk van 'n eenderse eksamenstempel ontvang. So sterk is die dwingende mag van die eenvormigheid dat 'n mens wel 'n genie moet wees om daaraan te ontsnap. Baie produkte van ons universiteite is volstrek nie selfstandige denkers nie, maar slegs geestelike parasiete, wat hul hele lewe lank teer op die opinies van hul leermeesters. Gewapen met hul sertifikate en grade kan hul neerbuigend glimlag oor die dwaasheid van die massa. Maar jy soek tevergeefs na oorspronklikheid in die menings wat hul met oppervlakkige geleerdheidsvertoon uitbasuin.

Baie mense meen dat die lewe die beste opvoeder is, en hierdie bewering bevat ongetwyfeld 'n waarheidskern. Deur ondervinding kan ons veel leer, en wie sake fluks aanpak, bring dikwels sy beste eienskappe tot volledige ontplooiing. Maar wie eenmaal in volle vaart voortgesleur word deur die groot lewensmasjien, dra gewoonlik heel weinig by tot die kapitaal van die menslike wysheid. Die groot denkers het nog altoos die eensaamheid opgesoek; Pasteur en Edison het hul opgesluit in ontoeganklike laboratoria; die grootste skrywers het hul wel in die maalstroom van die wêreld gewerp, maar altoos

die afsondering van 'n eensame hoekie gesoek om hul skeppingswerk te verrig.

Ons demokratiese stelsel bevorder 'n geesdodende eenvormigheid. Die groot partye is daarop uit om gemeenskaplike belange te bevorder; hulle laat 'n kuddegevoel ontstaan en deur intensiewe organisasie skep hul 'n masjinerie wat elke individu dwing om gehoorsaam en gedwee saam te draf. Sekere standpunte word ingeneem teenoor groot probleme, partyleuses word algemeen gangbaar, en die gevolg is dat 'n hele volkslaag 'n eenderse partystempel kry. Daar is soveel wat deur eendrag kan verkry word dat dit dwaasheid sou wees om los te breek van die party. Wie dit waag, word dadelik as ketter uitgewerp uit die koukus en dwaal eensaam rond in die politieke woestyn.

Een van die magtigste middele om eenvormige denkgewoontes te bevorder, is die dagblad wat onder beheer van 'n politieke party staan. 'n Mens hoef net drie minute te gesels met 'n totale vreemdeling om uit te vind aan watter kan hy staan, want hy het die ideë van sy koerant soos 'n dorstige spons opgesuig en is totaal onbewus van die feit dat 'n ander beskouing oor landsake ook moontlik is. Ons moet ons nie verbeel dat al die ingewikkelde debatte en toesprake oor politieke kwessies helder denkery bevorder nie. Duisende van die sogenaamde *slim* praters is eenvoudig *napraters,* groot, raserige tregters wat al die eensydige koerantargumente uitstort oor hul gehoor.

Die gemak waarmee ons gedagtes kan gelei word langs ou gewoontepaadjies is 'n feit waarvan die politieke redenaar 'n handige gebruik maak. Hy begin gewoonlik met 'n paar klinkende gesegdes wat mooi aansluit by die denkgewoontes van sy gehoor. Waarderend praat hy oor „die gesonde verstand van die Boer," oor afstammelinge van „die stoere Voortrekkers wat nog besiel is met die onuitroeibare vryheidsgees van hul voorvaders." Op hierdie manier wek hy 'n houding van ontvanklikheid wat sy gehoor daartoe bring om 'n hele klomp stellings te aanvaar wat hul in die begin dadelik sou verwerp het. Presies op dieselfde wyse gaan die kwaksalwer te werk. Hy verseker sy gehoor dat die gees groot invloed uitoefen op die liggaam — 'n algemene erkende waarheid. Hy illustreer sy stelling deur te vertel van doofstommes en verlamdes wat onder die spanning van 'n geestelike krisis plotseling gesond geword het. Nadat hy 'n atmosfeer van goedgelowigheid geskep het, dis hy die

leuens op, wat die werklike doel van sy hele redenering is. Hy verduidelik dat daar 'n metode bestaan om ontslae te raak van al ons krankhede. Baie toehoorders glo hom omdat hy in die begin so verstandig gepraat het en betaal geredelik £5 vir die wonderlike metode, om na 'n rukkie uit te vind dat dit maar die gewone boerebedrog is. As ons dus 'n opeenvolging van drie argumente A. B. C hoor, wat ons met geesdrif aanvaar, moet ons veral oppas vir die vierde, D. A, B, C is waarskynlik net die aas wat die slukgewoonte moet aanwakker, terwyl D die hoek verberg. Maar selfs die gemak waarmee ons die argumente A, B en C gesluk het, is nog geen waarborg dat hul waar is nie. Gedagtes wat ons al baie gedink het, flits so maklik deur ons gemoed dat hul vanselfsprekend lyk. Maar dis moontlik dat hul eenvoudig berus op 'n vasgewortelde denkgewoonte wat vals is. Ons voorouers het dit byv. onmoontlik gevind om daaraan te twyfel dat die aarde stilstaan terwyl die son elke dag daaromheen draai. En tog het dit later geblyk dat hul oortuiging verkeerd was.

Ons is almal geneigd om vraagstukke uit een besondere oogpunt te beoordeel en vergeet maar alte dikwels dat wat ons geesdriftig glo en bely nie juis om daardie rede noodwendig die waarheidstoets kan deurstaan nie. Gedurende die Wêreldoorlog het die meeste Engelse byv. geglo dat alle Duitsers van 'n duiwelagtige wreedheid besete was. Hulle het hospitaalskepe en reddingsbote in die grond geboor, weerlose vroue en kinders vermoor, krygsgevangenes vermink en doodgeskiet en selfs lyke opgekook om vet in die hande te kry! Dis verstaanbaar dat sulke leuens in oorlogstyd verkondig word, want as die vyand geskilder word as die verpersoonliking van alles wat boos is, word die veglus aangewakker.

Tydens 'n verkiesing word dieselfde metode gebruik. Al die kandidate aan ons kant is waaragtige patriotte, terwyl hul teenstanders onbekwaam, onvertroubaar en oneerlik is. 'n Mens moet tog aan die een of ander kant stem; en as jy die saak te deeglik ondersoek, word jy miskien 'n nuttelose weifelaar. Daarom is dit so maklik om eenvoudig jou oë te sluit vir die goeie hoedanighede van die teenparty en onvoorwaardelik te glo in die leuses van jou eie leier.

II. Strydkrete.

Sulke strydkrete verdien 'n nadere ondersoek. Ons het almal die neiging om ingewikkelde sake te vereenvoudig tot 'n maklik

verstaanbare formule. Baie mense wat al gehoor het van Darwin se ingewikkelde ewolusieteorie, weet daar nie veel meer van af nie as die populêre opsomming: Die mens is afkomstig van die ape. Hulle het so vèrlangs iets opgevang van Freud se teorieë en is dadelik kant en klaar met die bondige leuse: O ja, alles is mos ‚seks'! So is daar tallose gesegdes wat deur onnadenkende persone sommer voetstoots aanvaar word en mettertyd algemene geldigheid verwerf. Die oppervlakkige debatteerder slaan mokerhoue daarmee, en as sy teenstander verduidelik dat die saak glad nie so eenvoudig is nie, kry hy gou die gehoor aan sy kant deur te beweer dat die opponent te geleerd of subtiel word. Die opponent kan wel bewys dat die saak glad te ingewikkeld is om in 'n paar woorde opgesom te word, maar die gehoor sal onder die indruk bly dat hy ernstige redenering wil belemmer deur te ontken wat almal as die waarheid aanneem.

Die kolomme van ons koerante is vol van hierdie sogenaamde „waarhede" wat sommer sonder enige ondersoek aangeneem word as basis van gewigtige redenerings: „Die boer is die ruggraat van die land," „die Afrikaner deug nie vir die handel nie," „erfgeld is swerfgeld," „segregasie is die enigste oplossing van die naturelle-vraagstuk," „geleerdheid bederf die Kaffer." Sulke bewerings mag 'n waarheidskern bevat, maar dis 'n bondige samevatting van kwessies waaroor 'n mens sekerlik nie in twee minute 'n oordeel gereed kan hê nie.

Slagspreuke word maklik onthou en vind geredelik ingang by die groot massa. As daar eers gefluister word: *Almal sê so*! dan versprei dit nog vinniger as 'n damesmode. Tydens die groot griep-epidemie het duisende mense 'n sakkie met knoffel op die bors gedra — nie omdat dit werklik die siekte afgeweer het nie, maar eenvoudig omdat die buurman daarin geglo het!

Gedurende die Franse Omwenteling het die ingewikkelde teorieë van Rousseau die stootkrag van 'n volksbeweging geword deur die bondige leuse: „Vryheid, gelykheid en broederskap." Die tweede Russiese Omwenteling was suksesvol, nie deur 'n uiteensetting van Marx se teorieë nie, maar die die leuse: „Alle mag aan die Sowjets." Die geestelike luiheid van die massa of sy onvermoë om diep te dink, word dus tegemoet gekom deur hom die medisyne in die vorm van 'n handige pilletjie of tabletjie in te gee. Dit het die voordeel dat die massa so opgesweep word deur 'n eensydige voorstelling dat dit maklik tot aksie kan beweeg word. Hoe geesdrif-

tig ons ook al mag wees oor reguit-dink, dit moet tog erken word dat 'n ding *doen* belangriker is as om net daaroor te dink. Nou is daar mense wat alle handeling uitskakel deur 'n weifelagtige houding: „Daar kan soveel aan albei kante gesê word dat ek tot geen beslissing kan kom nie." Op politieke gebied ken ons hierdie draadsittende weifelaars baie goed. Al is die beleid van die partye nog so ingewikkeld, tog moet ons gaan stem, want as gevolg van die verkiesing gaan een rigting seëvier. Deur weg te bly van die stembus ontsnap ons nie aan ons burgerplig nie, want dit kan nog erger gevolge hê as om verkeerd te stem. As ons 'n motor bestuur en skielik op 'n rotsblok afkom, moet ons òf links òf regs swenk. Daar mag goeie argumente vir albei handelinge wees. As ons egter links uitdraai, mag ons nie sit en wik en weeg of dit nie miskien beter sou gewees het om regs te swenk nie. As ons tevrede is om te sê dat daar uitstekende argumente aan albei kante is, stuur ons reguit op die rotsblok af. Die verstandige burger sal dié kant kies wat volgens sy mening oor die algemeen in die regte rigting koers hou. Maar die besef dat daar ook baie argumente aan die ander kant is, behoort hom verdraagsaam te maak en bereid om sy mening in heroorweging te neem sodra nuwe feite onder sy aandag kom. As hy egter met oop mond sit om die partypilletjies te sluk, sal hy nooit 'n selfstandige denker word nie.

III. Vooroordele.

Ons dink baiekeer krom, nie omdat ons te onnosel is om reguit te dink nie, maar omdat ons so vasgeanker is in ons vooroordele dat ons eenvoudig die waarheid nie wil sien nie. Onderwys behoort ons te help om hierdie swakheid te oorwin, maar ongelukkig stel dit dikwels die geleerde persoon net in staat om sy onredelike en dwase menings met skynbaar onomstootlike argumente te verdedig. 'n Mens kan al die wette van die logika volmaak beheers en tog nog deur vooroordeel die grofste flaters begaan. Die argumente mag so netjies ingeryg word dat 'n mens daaraan wanhoop om 'n swak plekkie te ontdek, totdat jy eindelik besef dat die hele fondament van die redenering op sand staan, of dat uit 'n groot aantal feite slegs enkele aangevoer word.

Daar is 'n tipe van kranksinnige wat in die waan verkeer dat hy die re-inkarnasie is van 'n groot historiese figuur soos Napoleon

of Paul Kruger byvoorbeeld. Met klemmende argumente kan hy sy wanvoorstellings verdedig, en sy redeneervermoë moet deur almal bewonder word. Maar die grondslag waarop hy redeneer, is heeltemal vals en hy gebruik sy intellek, nie om dié grondslag aan 'n deurtastende ondersoek te onderwerp nie, maar om daarop fantastiese voorstellings te bou. In die brein van elkeen van ons is daar 'n streep, of 'n paadjie, en by party 'n harde wapad, wat presies ooreenkom met die dwase denkstelsel van hierdie soort kranksinnige. Ons verdedig ons vooroordele met die spitsvondigste argumente, maar hierdie argumente is nie die werklike grondslag van ons mening nie. Nee, ons opinie is dikwels 'n saak van gevoel of gebaseer op 'n glad onlogiese grondslag. Ons het almal die neiging om te glo dat wat ons graag wil hê goed is, en daarom vind ons met groot gemak die oulikste argumente om kastig te bewys dat ons oortuiging waar is. Maar die oortuiging is nie gebaseer op die argumente nie; inteendeel, *die argumente is 'n gevolg van die oortuiging*. Iemand met 'n knap verstand kan argumente vind vir die allergekste oortuiging. In alle sake wat sterk gevoelens by ons opwerk, moet ons dus ons eie oordeel wantrou en dit noukeurig vergelyk met dié van mense wat van ons verskil. Ons vooroordele maak ons blind vir alle feite wat ongunstig is vir ons vooropgesette mening. Darwin vertel dat hy sorgvuldig alle feite wat in stryd was met sy gevolgtrekkings in 'n aparte boekie opgeteken het, want anders het hy hul eenvoudig vergeet. Toe sy resultate later gepubliseer is, kon sy teenstanders weinig besware opper wat hy self nie reeds ontsenu had nie.

Baie mense gebruik argumente in 'n sekere verband wat hulle nie wil toelaat in 'n ander verband nie, omdat dit hulle sou dwing tot presies die teenoorgestelde gevolgtrekking. Ryk mense, wat groot inkomste ontvang waarvoor hulle nooit hul hande in koue water steek nie, beweer met groot erns dat staatshulp aan behoeftiges of werkloses onwenslik is, omdat dit alle selfstandigheidsgevoel ondermyn. Die aanbou van oorlogskepe en vliegtuie word verdedig omdat dit werk verskaf. Maar hierdie argument kan net so goed toegepas word op nuttelose arbeid, o.a. die verwydering van sandduine van een plek na 'n ander. Bernard Shaw het aangetoon dat 'n mens met dieselfde argument ook kan bewys dat motoriste voetgangers behoort om te ry!

Hierdie eensydige toepassing van argumente tref 'n mens by duisende ontwikkelde persone aan. Dit is byv. uitstekend dat ek 'n groot inkomste moet hê, (a) omdat my spaargeld die land se kapitaal vergroot, (b) omdat wat ek op weeldeartikels uitgee die handel bevorder en werk verskâf aan baie arbeiders.

Dit is goed dat my klerk se loon laag moet wees, (c) omdat die land nie hoë lone kan bekostig nie, (d) omdat armoede en ontbering stoere, manlike karakters laat ontwikkel, en (e) as die klerk 'n hoë loon kry, sou hy dit tog maar vermors op nuttelose vermaak. Elkeen merk dadelik dat hierdie redenering vol teenstrydigheid is, maar tog is dit 'n mooi staaltjie van die vermoë wat baie mense besit om vir hulself 'n heeltemal verskillende maatstaf te gebruik as vir hul ondergeskiktes.

IV. Reguit-dink.

Na hierdie paar voorbeelde van krom-dinkery moet ons oorweeg wat reguit-dink eintlik is. Die wetenskaplike ondersoeker is die beste voorbeeld van laasgenoemde. Hy weeg, meet en bereken sonder dat sy eie gevoelens die uitslag vertroebel. Sy enigste gids is die universele wet van oorsaak en gevolg. Nuwe proefnemings laat hom ou opvattings opsy skuiwe, en op sy soektog na die waarheid groei sy kennis steeds aan soos 'n sirkel wat almaardeur wyer en wyer word. Sodra ons wetenskaplike metodes op praktiese probleme toepas, hou ons op om die speelbal van blinde magte te wees. Vroeër was die mens hulpeloos oorgelewer aan allerlei aansteeklike siektes en epidemies, maar deur die wetenskaplike navorsings op mediese gebied het ons die kennis verkry om die meeste kwale met sukses te bestry. Ons laat egter nog die jaloesie en wedywer tussen nasies ongestoord aangroei, totdat 'n bloedige oorlog uitbars waarin sowel oorwinnaar as oorwonnene sulke knoue kry dat dit wellig tot die ondergang van ons beskawing kan lei. Weliswaar het die nasies 'n swak poging gedoen om hierdie blinde oorlogsmagte deur die Volkebond aan bande te lê, maar die gesonde verstand van die mensdom sal die oorsake van internasionale wedywer nog verder moet ondersoek voordat die moontlikheid van 'n vernietigende wêreldoorlog uitgeskakel kan word.

Ons glo ook nog nie aan die wetenskaplike beheer van die ekonomiese lewe van die nasie nie en laat toe dat die hoogste stande

in oordadige weelde leef, terwyl die laagste klas so'n geringe aandeel in hul eie land se rykdom het dat hulle skaars genoeg kos en klere kry om aan lewe te bly. Op ekonomiese gebied glo die meeste politici nog dat dit gevaarlik is om te peuter aan die sogenoemde onveranderlike ekonomiese wette. Pas enige jare gelede het die besef hier in ons land deurgedring dat armoede 'n euwel is waarvan die oorsake deur wetenskaplike ondersoek vasgestel moet word. As ons siek word laat ons 'n dokter haal, wat na noukeurige ondersoek die oorsaak van ons kwaal probeer vasstel. Hy weet dat ons liggaam onderhewig is aan fisiologiese wette. Maar hy is nie tevrede om net hierdie feit vas te stel nie. Deur medisyne of 'n operasie bring hy ons liggaam in so'n toestand dat hierdie wette ons gesondheid kan bevorder. Op dieselfde wyse kan ons die siektes van die staat — armoede, misdaad, oorlog ens. — genees as ons hulle aanpak op wetenskaplike wyse met die geloof dat elke gevolg 'n oorsaak het wat deur onpartydige en geduldige ondersoek aan die lig gebring kan word.

Ongelukkig lyk dit dikwels asof ons almal reisigers is in 'n motor wat teen groot snelheid reis deur 'n onbekende landskap wat nog nie in kaart gebring is nie. Die bestuurder het nie sy hande op die stuurwiel nie, want hy weet nie waarheen hy reis of hoe hy sy bestemming moet bereik as hy dit wel weet nie. As ons aan die hand gee dat hy die stuurwiel moet vasgryp en deur 'n bietjie dinkwerk moet vasstel waarheen hy wil reis, dan glimlag hy soos 'n idioot en antwoord dat die motor moet voortbeweeg volgens meganiese wette. Ons weet dat die landskap waardeur ons reis vol slote is en kom telkens af op die wrakke van motors wat al tevore in rasende vaart verongeluk het. Af en toe bots ons met ander rytuie, maar ofskoon 'n paar passasiers verongeluk, gaan ons motor maar blindelings voort.

Soms kry die passasiers 'n geleentheid om te beslis wie die stuurwiel moet vat, maar omdat hul keuse nie bepaal word deur gesonde verstand nie, maar meestal deur opgesweepte gevoel, is hierdie demokratiese bevliegings gewoonlik van weinig praktiese nut. Tog word in die laaste tyd al hoe meer stemme gehoor wat oortuig is dat 'n motor alleen veilig is as dit op intelligente wyse bestuur word en dat 'n voertuig wat oorgelaat word aan sy eie meganiese wette onvermydelik in 'n sloot moet afstort.

Ek weet nie wat die lot gaan wees van die staatsmotor waarin ons almal reis nie. Ons het die beste kans om ons nasionale bestemming te bereik as die stuurlui wat ons kies die groot nasionale vraagstukke in die regte wetenskaplike gees nader. Ons moet die helder denker kies en nie die lawaaierige demagoog wat die massa opsweep deur oppervlakkige strydkrete nie; nie die redenaar wat uitblink deur geniale uitskellery van die teenparty nie, maar die oorspronklike denker, wat 'n studie van landsake gemaak het; nie die luidrugtige kraaier wat met gewikste kwinkslae dadelik die grootste gehoor onbedaarlik aan die lag kan kry nie, maar die wetenskaplike navorser wat 'n praktiese oplossing het vir die sosiale vraagstukke.

Maar voordat ons reg kan kies, sal ons almal moet leer om reg en helder te dink. 'n Waarlik opgevoede demokrasie, wat alle hartstogtelike beroepe op sy volksgevoel met agterdog bejeën en hom nie laat koudlei deur krom-denkende politici nie, sal in staat wees om die staatsmotor onder die intelligente beheer van egte volksleiers te plaas. Maar voordat dit moontlik is, sal daar 'n rewolusie in ons eie gemoed nodig wees, 'n omwenteling wat ons in staat sal stel om deur eie selfstandige dinkwerk die waarheid te ontdek.

WANTROUE IN DESKUNDIGES.

Onder die algemene publiek bestaan daar 'n diep ingewortelde wantroue in alle deskundiges. Dis moeilik om te sê waaraan hierdie wantroue toegeskryf moet word. Miskien moet ons dit beskou as 'n oorblyfsel uit die tyd toe geleerde mense nog skaars was en elke boer sy eie outoriteit was behalwe miskien op geestelike gebied, waar hy sonder veel teëspraak die predikant se uitsprake aanvaar het. Op sy plaas egter, het die boer soos 'n koning geregeer sonder enige inmenging van staatsweë.

In ons tyd het daar heel weinig oorgebly van hierdie aartsvaderlike heerskappy. Die boerdery is ingeskakel in die groot ekonomiese masjien, en regeringsamptenare besoek selfs die uithoeke van die land om verbeterde metodes aan te prys en die boer aan te spoor om sy produksie te vermeerder. Selfs die verkoop van sy produkte word gereël. Sy beeste word doodgeskiet as daar gevaar van besmetting ontstaan. As hy skadelike onkruid op sy lande het, word hy swaar beboet. Die ontwikkelde boer besef dat al hierdie maatreëls in sy eie belang is, maar dink tog met heimwee terug aan die dae van die voorgeslag toe die wêreld nog wyd en oop gelê het en toe 'n boer nog kan gemaak het soos hy wou.

By die minder ontwikkelde lei die inmenging in wat hy as sy privaat sake beskou tot koppige verset en soms tot geestige spotterny met die eksperte. As hy die „bulinspekteur" of „goggadokter" op 'n fout kan betrap weet die hele distrik gou daarvan. En op die plaasdebatsvereniging stel hy oulike strikvrae om „meester" in 'n val te lok. Al die danige geleerdheid is mos pure bogtery. Wat weet die amptenaartjies nou van praktiese boerdery? En meester wat ook àl lol met sy landboulesse, en dit selfs as 'n matriekvak ingevoer het moet die boerkinders net leer lees en reken. Ek kan hom mos self leer boer!

Hierdie geestesgesteldheid, wat histories miskien verklaar kan word, is in ons tyd 'n onvergeeflike domheid. Dieselfde boer, wat

so bitter kan spot oor die teoretiese wysheid van 'n deskundige, sal daar niks van dink om 'n bril te koop van 'n rondreisende smous nie. Hy besef nie dat die oog een van die fynste en ingewikkeldste organe is nie, en dat selfs die dorp se apteker oftewel oogkundige sy gesig totaal kan bederf deur hom 'n verkeerde bril te gee. Miskien het hy al gehoor van 'n oogspesialiteit in die stad, maar die paar ghienies skrik hom af. En hy sukkel op 'n manier aan met die smous se bril.

As daar siekte in sy huisgesin kom, probeer hy eers al die botteltjies van sy huisapteek plus die boererate van sy omgewing. Hy kan jou baie staaltjies vertel van mense wat deur die dorp se geneesheer doodgedokter is. En daarteenoor stel hy 'n kankerlyer wat deur 'n plesier genees is, of 'n familielid wat 'n Slamaier laat kom het om van sy kwale bevry te raak.

As die hoofonderwyser hom wil beduie dat sy kind veel beter sal vorder in die Afrikaanse Medium, dan hou hy koppig vol dat sy kind „Engels moet leer." Die klemmendste argumente maak op hom geen die minste indruk nie en eers as sy kind miskien 'n paar maal gedruip het begin dit effens by hom deur te skemer dat Meester miskien reg was. As Meester dit sou waag om hom op die plaas te kom beduie hoe om sy lande te ploeg en wat om te saai sou hy hom bloedig vererg. Maar hy vind daar niks ongerymds in om sy opinie oor skoolsake te lug nie en as hy die mag had sou hy die hele skool wil hervorm.

Dis onnodig om nog meer voorbeelde te noem, want alles spruit voort uit die koppige eiewysheid van persone wat hul beroem op hul geestelike onafhanklikheid, en elke deskundige as 'n gevaarlike indringer beskou. Hierdie eiewysheid tref 'n mens nie slegs by onontwikkelde persone aan nie, maar dikwels by persone wat deur geringe sukses 'n oormatige selfvertroue ontwikkel het. Hulle vind dit eintlik lagwekkend dat daar vandag so baie soorte dokters en doktore is, maar los die saak op deur almal wat geen siekes behandel nie te klassifiseer as dokters „in die geleerdheid"! En vir sulke mense is hulle spesiaal op hul hoede, want jy kan nooit weet of die regering hul nie dalk gestuur het om te kom spioen nie!

In die praktiese lewe egter, erken hul, sover dit hul eie sake betref altans, die waarde van die deskundige. Ek het nog nooit gehoor dat 'n Natalse beesboer hom die reg aangematig het om vir 'n Bolandse wynboer of 'n Langkloofse vrugteboer beter metodes voor

te skryf nie. Maar hy sal daar niks van dink nie om te beduie dat die veearts niks van ooskuskoors afweet nie en dat al die baie dippery slegs uitgedink is om werk vir die amptenaartjies te vind nie.

Die intellektuele atmosfeer waarin die moderne mense lewe is vinnig besig om te verander. Professore, wetenskaplikes, en deskundiges op ekonomiese terrein is vinnig besig om hul oorwig oor die groot publiek te verloor. Die meeste mense is voldoende ontwikkel om koerante en weekblaaie te lees; hul luister na radiotoesprake, en volg die uiteensettings van politieke leiers en geleerdes. Deur middel van populêre handboeke doen hul kennis op omtrent wetenskap en filosofie. Hulle kan saampraat oor die teorieë van Freud en Einstein, is net so geïnteresseerd in kosmiese strale as in filmsterre of voetbalhelde. Oppervlakkige kennis lei dikwels tot aanmatiging, en in elke gemeenskap tref 'n mens ontwikkelde persone aan wat hul verbeel dat hul die uitsprake van enige deskundige in twyfel kan trek.

Dit spreek vanself dat geen wetenskaplike alleen by magte is om al die verskillende tegniese hulpmiddele te beheers wat nodig is vir die studie van een enkele menslike probleem nie. Daarom vereis die vordering van kennis aangaande onsself die samewerking van 'n hele reeks spesialiste. So het die geneeskunde die siek mens in klein mootjies gesny en elke mootjie sy eie spesialis gegee. Dikwels is daar nog verder verdelings in klein en nog kleiner onderdeeltjies. Spesialisasie is op elke gebied onmisbaar en onvermydelik. Wtenskaplikes moet hul aandag wy aan een onderdeel van kennis, en daardeur word dit dikwels onmoontlik vir die spesialis wat heeltemal opgaan in sy eie taak, om die mens as geheel te begryp. Maar die uitgebreidheid van die veld van elke afsonderlike wetenskap maak spesialisasie nou eenmaal onvermydelik. Hieraan is ook nadele verbonde, want ons kry dikwels deskundiges wat deur intensiewe studie van hul besondere onderdeeltjies, totaal ongeskik word om 'n probleem in sy ganse omvang te verstaan. Die verwerwing van 'n groot massa nuwe feite is volkome nutteloos as die feite soos 'n onsamehangende geheel verstrooid rondlê in die boeke van spesialiste. As iemand 'n woordeboek besit dan beteken dit nog nie dat hy hom op letterkundige of filosofiese ontwikkeling kan beroem nie. Ons idees moet verwek word tot 'n lewende geheel, die onsamehangende gegewens moet gekoördineer word deur middel van die intelligensie van genieë. Die sintese wat onmisbaar

is vir die bevordering van ons kennis word gewoonlik uitgewerk in die brein van 'n eenling. Maar die aantal persone wat bekwaam is om die kennis van verskeie wetenskappe te omvat en te gebruik, sodat hul 'n samegestelde probleem, sowel in sy onderdele as in sy geheel, kan deurgrond, is helaas gering.

DIE KUNSIES VAN DIE ADVERTEERDER.

Die beste bewys vir die lae dinkgehalte van die gewone mens is die ongeëwenaarde sukses wat adverteerders behaal. Die adverteerder gaan uit van hierdie veronderstelling: as jy die mense kan laat glo dat iets waar is, dan *is* dit waar! Hy voer jou na 'n wêreld waar alles moontlik is, hipnotiseer jou as't ware totdat jy in 'n droomtoestand verkeer waarin jy vergeet om ondersoek in te stel na die waarheid van sy bewerings. Hy sny jou lewe op in 'n reeks eendag-lewens, wat deur die klok van die mode beheer word. Elke modedag het sy eie behoeftes, en jy bly aan die koop om nie agter te raak nie. In die advertensie-wêreld is alles wat vandag gebeur, of alles wat nou en hier op die plek verkoop word, beter, groter, mooier, blinker, verrassender as enigiets wat al ooit te vore bestaan het. Partymaal spog hy wel met die eerbiedwaardige ouderdom van sy firma, wat al jou voorouers voorsien het van presies dieselfde artikel, maar as jy teveel jou verstand gebruik en lol om self ondersoek in te stel dan los hy jou sommer. Mense wat self dink deug nie vir 'n adverteerder nie. As daar baie van jou soort bestaan, sou hy gou sy winkel moet toemaak! Hy beloof jou elke dag 'n nuwe wonder, en om dit aan te prys het hy al soveel superlatiewe gebruik dat die oortreffende trap van 'n byvoeglike naamwoord eenvoudig geen betekenis meer dra nie. Alle besef van werklike waarde word vir altyd uitgewis uit die gemoed van die meeste mense wat in 'n groot stad lewe, want hulle hoor daagliks die gedreun van die geweldige advertensieorrel wat eentonig sy hoogste skree-note uittjank. Hulle ore raak so verdoof dat slegs die allergrootste sensasie nog hul aandag kan boei.

As 'n mens 'n rein gewete het met 'n vol beurs, dan hoef jy nie jou buurman te oorweldig met betuigings van jou eerlikheid nie, dan kan dit jou inderdaad nie skeel of jou buurman veel van jou dink nie. Die advertensie-stelsel is nie uitgedink vir 'n gesonde, denkende gemeenskap nie, maar vir 'n verswakte, sieklike maatskappy.

'n Grapmaker het beweer dat adverteer die enigste „kuns" is wat vooruitgang gemaak het in die afgelope kwarteeu. Hierdie afdeling van toegepaste sielkunde het ontwikkel tot 'n hoogs gespesialiseerde beroep, wat volgens wetenskaplike beginsels te werk gaan. Miljoene word jaarliks aan advertensies bestee en die resultate word sorgvuldig opgeteken en bestudeer. Die adverteerder moet 'n sekere sienswyse by die publiek laat posvat en hy reken daarop dat die gewone persoon sonder veel diepdinkery sy standpunt sal aanvaar. Dis interessant om 'n paar van die maniere waarop die publiek oorgehaal word nader te ondersoek. As ons maar net weet hoe die elektriese knoppies gedruk word, sal ons nie sommer outomaties daarop reageer nie!

Ek begin met 'n voorbeeld van vreesaanjaging: „Vier uit elke vyf manne en vroue bo dertig ly aan .....
(vul 'n Latynse naam in) haarsiektes, wat hul dikwels in een nag laat grys word. Uiterlike tekens mag ontbreek, maar wie verstandig is gebruik Mr. X se onfeilbare middel."

Dit is 'n baie eenvoudige voorbeeld. Die geslepe adverteerder verstaan die kuns om deur oulike tekeninge en duistere suggesties jou te laat glo dat jy aan twee of drie ongeneeslike kwale ly, dat al jou binnegoed besmet is en jy sommer more of oormore sal moet tou opgooi as jy nie gebruik maak van sy kwaksalwersmiddel wat heelwaarskynlik bestaan uit 'n bietjie gekleurde water of anders miskien skadelike bestanddele bevat.

Ons wil almal graag doen wat die voorste mense doen. Daarom beeld die adverteerder 'n onnosele klant uit in gesprek met 'n verkoper wat hom vas in die oë kyk. Die verkoper het so 'n kragtige persoonlikheid dat die onnosele klant eintlik wegkrimp van nietigheid. Onderaan staan dan soiets: Wat moet hy van jou dink as jy minderwaardige tabak rook of goedkoop kouse dra? Die *voorste* mense doen dit mos nie!

'n Meer verraderlike aanval word gewoonlik gemaak op die opgevoede persoon wat hom beroem op sy ruimdenkendheid en hom graag wil verhef bo Jan Rap en sy maat. Daar is baie snaakse mense in die wêreld, wat anders wil wees as die gewone sterwelinge. Party glo dat jy elke dag 'n rou wortel moet eet, ander dra net oop sandale en loop sonder hoed. Ons sluit hierdie soort malmense nie op nie en beroof hul nie van hul stemreg nie. 'n Mens kan mos eet en slaap soos jy wil, maar as dit op klere aankom dan moet

jy darem versigtig wees om nie jou buurman of buurvrou se gevoel van wat geoorloof is te skok nie. Wees dus verstandig en vra ons deskundige watter soort rok tans op 'n deftige aandparty gedra word. Die regte kleermaker sorg dat jy soos die regte mense gekleed gaan.

As 'n mens vra waarom dit nodig is om te adverteer dan kry jy gewoonlik die antwoord dat dit wenslik is om klante deeglik in te lig omtrent die verdienstes van koopware. Ongelukkig is dit 'n bekende feit dat die bewerings van die meeste advertensies nie slegs met die spreekwoordelike knypie sout geneem moet word nie maar sommer met 'n hele mud sout! 'n Wetenskaplike, J. B. S. Haldane, beweer dat geweldige somme geld bestee word aan die adverteer van medisyne en patente voedsels wat nie alleen waardeloos maar meestal gevaarlik is. 'n Besonder goed geadverteerde vitaminepreparaat bevat, behalwe vitamines, 'n bestanddeel wat kinders vergiftig. Volgens die landswet mag ek vir 'n paar duisend pond skadevergoeding gedagvaar word indien ek die naam van hierdie preparaat noem, selfs al is my verklaring waar. Tog mag enige adverteerder straffeloos beweer dat inenting teen pokkies of witseerkeel waardeloos is, wat natuurlik 'n openbare leuen is.

Adverteerders het die publiek laat glo dat witbrood beter is as bruin. Die meel is hoe langer hoe meer uitgemaal en daardeur beroof van sy waardevolste bestanddele. 'n Dergelike behandeling laat die meel langer hou en vergemaklik die broodbakkery. Die meulenaars en die bakkers verdien meer geld. Die verbruiker eet 'n minderwaardige produk, terwyl hy in die waan verkeer dat hy 'n superieure produk kry. En in die lande waar brood die vernaamste voedsel vorm, ontaard die bevolking.

Die grootste veragting verdien daardie kooplui wat geld slaan uit die hoop of wanhoop van lyers aan ongeneeslike siektes. Hulle is die bloedsuiers van ons moderne samelewing, want hulle word vet op die angskrete van die sterwendes. In Amerika het die bedrog sulke afmetings aangeneem dat 'n spesiale organisasie opgerig is, die „Consumers' Research" wat sy lede vertroubare inligting verskaf omtrent al die wondermiddele wat deur gewetenlose skurke in snorkende advertensies opgevysel word. Keer op keer is bevind dat die hoogdrawende aansprake van adverteerders vals en betekenloos is, al klink hul hoe oortuigend ook vir die oningewyde. Verder, dat

daar hoegenaamd geen verband bestaan tussen die prys en die waarde van die geadverteerde goedere nie.

Dink u nie dat die tyd aangebreek het om ook in ons land 'n buro op te rig waar die opgeblase aansprake van ons adverteerders deur bevoegde deskundiges kan getoets word nie? Hoeveel van al die kwaksalwersmiddels wat 'n mens in elke koerant, tydskrif of blaadjie geadverteer sien sal so 'n toets oorlewe?

Dit is 'n onomstootlike feit dat advertensies op groot skaal, weekblaaie, die bioskoop, radio en ander middele ons dinkgewoontes so verander het dat baie mense nie meer weet watter dinge onontbeerlik is vir die lewe nie. Soveel maniere om hul geld te bestee word aangeprys, dat hul eenvoudig verbysterd staan. Die adverteerder bied nie meer nederig 'n monstertjie van sy produk aan nie, maar hy verstoor jou gemoedsrus, bewerk jou met 'n knopkierie totdat jy glo dat alle ordentlike mense 'n yskas of 'n radiostel moet hê. Angstige meisies loer in die spieël om uit te vind of hul „voor dertig jaar al stokoud" is. Bekommerde middeljariges bestudeer die kwasi-wetenskaplike verduideliking van hul siekteverskynsels, en draf na die naaste apteek om waardelose middele te koop vir kwale wat hul nog nooit gehad het nie. En dit alles omdat hulle nie weet dat dit die spesiale taak van die adverteerder is (1) om aan die publiek te verkoop wat hul nie nodig het nie en om nodig te hê wat hul nie behoort te koop nie; 2) om 'n onnatuurlike vraag te skep vir waardelose artikels; (3) om die deeglike artikel te vervang deur 'n goedkoop nuwigheid (4) om die mense bang te praat dat hul agter die streep sal raak as hul nie die nuwe modes volg nie. Ons koop party artikels vir ons eie gerief; baie egter omdat ons buurman daarmee spog en ander weer om ons buurman te oortroef!

Van deeglikheid gepraat: Onthou u nog dat 'n mens in die ou dae 'n naaimasjien b.v. kon koop wat vir 'n hele geslag gehou het? Waar sal 'n mens vandag so'n onnosele fabrikant kry wat b.v. 'n stofsuier, radio, yskas of motor verkoop wat vir dertig of vyftig jaar sal hou? Elke jaar kom daar mos 'n nuwe model wat kastig soveel beter is as die vorige jaar s'n. Geen wonder dat 'n eerlike fabrikant ronduit erken het: Ons taktiek is om in die eerste plek te let op styl, in die tweede op prys, en in die derde op kwaliteit. Massaproduksie het in die plek gekom van die deeglike handearbeid van ouds. Alle artikels word gestandardiseer sodat hulle by duisende deur die masjienes uitgespu kan word. Wie die kunsvolle

artikels van verbygegane eeue wil bewonder moet hulle in 'n museum gaan soek. Daar merk 'n mens dat meubels en gewone huisartikels styl gehad het, dat die maker daar 'n eie karakter aan gegee het. Maar vandag is die arbeider slegs 'n verlengstuk van die siellose masjien. Sy werkmanstrots het verdwyn, want hy voer mos net 'n siellose staalmonster. Duursaamheid en deeglikheid is die grootste vyande van die moderne fabrikant, want dit werk remmend op sy omset. Die ouderwetse boere-riempiesstoel gaan as erfstuk van die een geslag oor op die ander; maar die blink gepolitoerde fabriekstoel word in vyf jaar se tyd so lindelam dat ons verplig is om dit in te ruil. Sou daar vandag nog 'n wamaker in Suid-Afrika wees wat so'n stewige wa kan maak dat dit sal kan deelneem aan die tweede simboliese Trek in 2038?

'n Pakkende voorbeeld van hoe mense wat nie wil dink nie opgesweep kan word deur advertensies kom uit Amerika. Volgens die *Reader's Digest* het die Amerikaners vitamine-dol geword. Hulle sluk honderde vitaminepilletjies; die hele familie was met vitamineseep; al die ou tannies vryf vitamine-room in die vel „om die selle te voed en die blos van die jeug te bewaar," en die kinders kou gedurig vitamine-gom! Die adverteerders maak 'n handige gebruik van 'n wetenskaplike ontdekking, en slaan duisende dollars uit die sakke van onnosele mense wat tog behoort te weet dat 'n mens al die vitamines wat jy nodig het kan kry uit melk, botter, eiers, vars groente en 'n paar soorte vleis. Maar so gaan dit met advertensies. Maak jy 'n beroep op die gesonde verstand van die mens, dan bereik jy, volgens 'n deskundige adverteerder, slegs 4 persent van die menslike ras. Doen jy egter 'n beroep op hul instinkte, dan raak jy almal, van die agterbuurtbewoner tot die hoogs ontwikkelde produk van die moderne beskawing.

Uit wat hierbo gesê word moet ons nie aflei dat alle advertensies waardeloos is nie. Een blik op die geklassifiseerde advertensies van ons koerante en weekblaaie behoort voldoende te wees om elkeen te oortuig dat dit 'n nuttige vraagbaak is vir kopers. Maar in 'n denkende gemeenskap behoort daar geen plek te wees vir die geslepe adverteerder nie, wat deur skrikaanjaging en ander verdagte middele sy waardelose koopwaar aan 'n liggelowige publiek afsmeer deur hoogdrawende aansprake wat nie die toets van die waarheid kan deurstaan nie.

WAARDE VIR JOU GELD.

Twee manne staan en redeneer oor die verdienstelikheid van 'n welbekende soort olie.

Klaas beweer: „Dit móét eenvoudig goed wees, want die firma het 'n jaarlikse omset van byna 'n miljoen pond. 'n Mens sien hul advertensies orals."

Jan: „Dit kan my niks skeel nie. Ek het 'n druppel van hierdie olie op 'n koperplaat laat lê vir vier-en-twintig uur, en die druppel het groen geword. Dit veroorsaak roes, en ek durf dit nie gebruik nie."

Ons is geneigd om te dink dat 'n firma wat op groot skaal sake doen vertroubaar moet wees. Klaas het so gedink en die massa gevolg. Jan het hom nie laat bedrieg deur 'n gevierde handelsmerk nie, maar 'n eenvoudige toets toegepas. Partymaal is die massa reg; dikwels is dit egter verkeerd. Die wetenskaplike ondersoeker behoort die verbruiker in te lig omtrent die eienskappe van die artikel wat hy koop. Tot dusver het alleen die fabrikant voordeel uit navorsingswerk getrek; die arme verbruiker, wat 'n groot winkel binnestap, moet maar op goeie geluk kies tussen tien of twintig artikels van dieselfde soort. Almal het klinkende name, en is voorsien van aantreklike omslae wat fantastiese „waarborge" aankondig. Maar die arme verbruiker staan hulpeloos in hierdie betowerde advertensiewêreld, waar elke verkoper hardop in sy ore skreeu. Hoe meer ingewikkeld die artikel is, hoe meer tegnies sy samestelling, hoe makliker die verkoper kan uitwei oor sy verdienstelikheid, want hy weet dat dit uiters moeilik is om die waarheid van sy aansprake te bewys. Motors, stofsuiers, radio's, yskaste en elektriese wasmasjiene word wyd en syd geadverteer. Draad, sement, suiker en sout vereis weinig tegniese kennis en het dus min advertensie nodig.

Op duisende maniere word die verbruiker aangepor om maar te koop, koop, koop, terwyl hy feitlik geen middel het om te weet of

hy 'n verstandige keuse doen nie. Die slim verkoper wil hom ook geen kans gee om na te dink nie, want dit sou net 'n gehate mededinger op die toneel laat verskyn. „Hierdie buitengewone aanbod word alleen vir drie dae gedoen — dis 'n kans wat jy nooit weer kry nie."

Ook die oog moet natuurlik iets hê. Goud- en silwerpapier, nikkeldosies, lintjies en strikkies, oulike botteltjies, helderkleurige drukwerk—dit alles en nog veel meer lok ons om te koop en trek ons aandag af van die waarde van die materiaal wat onder die uiterlike skyn verborge lê. Ons is mos almal kinders wat daarvan hou om pakkies oop te maak!

'n Ander manier is om die artikel self so aantreklik te maak dat die verkoper vergeet om sy werklike waarde te ondersoek. So word pruimedante in glukose gedoop om hul te laat blink. 'n Goedkoop motor pronk met 'n spoggerige instrumentbord en die allernuutste tierlantyntjies wat lastige vrae omtrent die werkverrigting van sy enjin moet uitskakel. Mooi verfwerk en ander uiterlikhede moet ons oordeelvermoë verminder.

Die Amerikaanse Mediese Vereniging het gerapporteer dat baie van die tallose skoonheidsmiddele, wat tans aangebied word, skadelike bestanddele bevat. Tientalle vroue wat skoonheid uit 'n potjie probeer krap, kry vir hul geld afsigtelike littekens of word lewenslang geskend.

Die oningewyde word geïmponeer deur 'n berig dat 'n beroemde filmster of selfs die koningin van 'n Balkanstaat 'n sekere middel gebruik. Min weet sy dat dit maklik is om, teen kontante betaling natuurlik, sulke getuienisse te koop.

„Repetition is reputation" sê 'n groot advertensieburo. Nie kwaliteit, nie waarde of 'n billike prys nie, ook nie egtheid nie — net herhaling. As jy maar elke dag die groot spyker 'n klein tikkie gee, kan jy hom in die hardste hout inslaan. „Repetition is reputation" — dis die oerbeginsel van die adverteerder. Dit lyk wel of die verkoop van 'n artikel van groter belang is as die produksie daarvan. Die slimste brein word gehuur om die publiek oor te haal om 'n sekere artikel te kies bo 'n ander. As al die geld wat aan advertensies, aantreklike huurkoopskemas, sirkulêres en wat dies meer sy, kon bestee word aan kwaliteitverbeteringe, sou die verbruiker 'n beter kans gehad het om waarde vir sy geld te kry. Die meulenaars maan ons om meer brood te eet, die rosyntjieboere sê:

„eet meer rosyntjies." Geen wonder dat die diamanthandelaars van 'n grapmaker die raad gekry het om 'n kampanje op tou te sit met die leuse: „Raak meer dikwels verloof!"

In 'n denkende wêreld sou dit 'n vanselfsprekende waarheid wees dat wat goed is vir die verbruiker ook vir die fabrikant goeie wins moet oplewer, met ander woorde, dat die toets van 'n suksesvolle onderneming die voortreflikheid en diensbaarheid van sy ware moet wees. Nou is dit wel moontlik om dadelik aan sekere handelsmerke te dink wat sinomiem is met deeglikheid. Tog moet dit sterk betwyfel word of hierdie beginsel nog geld. Vandag lyk dit veeleer of spoggerige verkoopstaktiek die wêreld regeer en 'n verfynde advertensiekuns in staat is om kunsmatig markte te skep.

Wie vandag 'n apteek binnestap bevind hom meteens in 'n betowerde wêreld waar hy, ten minste volgens die opskrifte op 'n duisend aantreklike bottels en dosies, meteens van al sy kwale kan genees raak. Vir elke klant wat met 'n dokter se voorskrif binnestap is daar seker 'n goeie vyftig wat sonder aarseling 'n gespesifiseerde middel kom koop — so en so se hoesmiddel, en Mnr. Dinges se hoofpynpoeier. Die apteker, wat tog 'n professionele opleiding geniet het, hoef glad nie raad te gee nie, want die professionele adverteerder het sy werk mos gedoen! En die arme leek, wat nie weet of die patente medisyne skadelike bestanddele bevat nie, koop maar omdat 'n vriend hom verseker het dat dit so'n goeie middel is, of omdat hy dit daagliks geadverteer sien.

Partymaal meen ons dat die duurste artikel die beste moet wees. Maar ook uit hierdie bygeloof het die adverteerder al voordeel getrek. In Amerika is deur toetse bewys dat baie goedkoop artikels beter materiaal bevat as die duurste. Daar word ook vertel hoe 'n Franse reukwater slegs matig verkoop het, totdat 'n gewikste adverteerder met opset die prys bo alle ander soorte verhoog het onder die leuse: „Dit kos wel 'n bietjie meer, maar mevrou moet mos die beste kry." Toe het dit 'n goudmyntjie geword!

So aantreklik het die vertoonvensters geword dat selfs die onwillige koper moet stilstaan en bewonder. Wie binneloop sien glinsterende kabinette, glasskuifdeure en aanloklike goedere in die allermooiste verpakking. Die verkoper het mos nie verniet van die sielkundige geleer nie dat almal op die regte prikkels sal reageer. Maar wat weet ons van die kwaliteit van die tentoongestelde goedere? Is die kombers van suiwer wol gemaak? Sal die materiaal

verbleik? Hoe lank sal die netjies opgevoude hemp in sy blink papiersakkie hou? Die arme verkoper weet net so min as ons. Hy koop ook volgens advertensie, en daar bestaan mos geen standaard om die kwaliteit en diensbaarheid van sy ware te meet nie. Vir ons plaasprodukte, ons aartappels en vrugte bestaan daar wel 'n regeringsmerk waardeur die kwaliteit gewaarborg word, maar wat ons klerasie betref moet ons maar probeer en probeer totdat ons deur skade en skande op 'n manier wys word. Jy koop 'n „reënjas" wat teen geen ligte buitjie bestand is nie, skoene wat kartonsole het, dasse wat na tweemaal se dra soos 'n ou vadoek lyk . . . Wanneer jy 'n huis bou, hoe moet jy nou weet of jy die beste materiaal kry? Maar as die Regering 'n miljoen paar skoene of winterjasse vir sy soldate koop, dan word wetenskaplike toetse toegepas totdat die beste en duursaamste artikel gevind word. Of anders word materiaal vir regeringsgebruik volgens vasgestelde spesifikasies gekoop. Maar ongelukkig kan die gewone verbruiker, wat tog maar die regering se rekeninge moet betaal, geen inligting kry omtrent die vergelykende waarde van die gewone handelsartikels nie.

As ons gestandaardiseerde goedere kon koop, wat onder regeringstoesig volgens sekere spesifikasies gemaak is, sou ons presies weet wat ons kry. Ook die fabrikant sou dadelik weet wat om af te lewer. Alle mededinging tussen die duisende fabrikante sou dan bepaal word deur hierdie vraag: Wie kan die spesifikasies uitvoer teen die laagste prys? Met so'n stelsel verdwyn advertensies vanself en kan al die lastige verkopers, wat 'n mens met soveel drogredenasies bestook, produktiewe werkers word.

Sodra mededinging deur die prys alleen bepaal word, sal die fabrikant, wat tevrede is met 'n matige wins per eenheid, die mark verower. Daardeur moet die pryse daal, omdat 'n groot omset altoos hoë wins per eenheid onnodig maak.

Die fabrikant sal nou op sekere goedgekeurde merke kan konsentreer. Hy hoef nie meer tien of twaalf soorte te vervaardig met die gedagte dat die koper ook iets „vir die oog" wil hê nie. Alle tierlantyntjies en luukse verpakkings word oorbodig. Praterige agente, hoogdrawende advertensies, markoorsigte — dit alles word uitgeskakel. Die fabrikant kan hom in volle erns op sy taak toelê, sonder om te vrees dat sy artikel deur allerlei wisselvallighede onverkoopbaar sal word.

Die verbruiker sal presies die artikel kan koop wat aan sy doel beantwoord. As dit deur toetse bewys is dat 'n goedkoper artikel goeie dienste lewer, hoef hy nie meer te betaal nie uit vrees dat dit vervals is of ondoelmatig sal blyk nie. Sodra 'n mens volgens vasgestelde spesifikasie koop, word opsetlike vervalsing uitgeskakel en verdwyn die nagemaakte of skadelike artikel van die mark.

Die tyd het aangebreek om 'n end te maak aan die lawaaierige metodes van mededingende adverteerders. Ons moet feite eis en nie tevrede wees met spoggerige bewerings wat nooit getoets word nie. As ek seep koop wil ek nie dubbel en dwars betaal vir 'n pakkende handelsmerk nie, maar ek wil presies weet of die seep aan my doel sal beantwoord. As die verbruikers in alle lande behoorlik georganiseer kon word, soos b.v. reeds in Denemarke geskied het, sou fabrikante gou besef dat dit tot hul eie voordeel strek om gewaarborgde goedere op die mark te bring. Uiteindelik moet die lewenskoste deur hierdie metode aanmerklik daal, omdat al die tyd en energie wat tans aan vervalste en minderwaardige artikels bestee word produktief aangewend kan word. In hierdie saak moet die huismoeder, wat volgens berekening omtrent 90 persent van die inkope doen, die voortou neem.

Die tyd toe ons almal min of meer geweet het wat ons koop is onherroepelik verby. Selfs die wetenskaplike dra vandag kennis van slegs 'n beperkte deeltjie van die groot koopterrein. Party huisvroue bak nog hul eie brood en maak hul eie seep, maar sonder massaproduksie van die gewone gebruiksartikels kan ons nie meer klaarkom nie. Die wetenskaplike moet nou die resultaat van sy laboratoruim-ondersoek bekend maak, sodat die leek waarde vir sy geld kan kry.

(Die feite in hierdie artikel is ontleen aan die interessante boek: *Your Money's Worth* deur Stuart Chase en F. J. Schlink.)

DIE VERVAL VAN DIE WESTERSE KULTUUR.

Gedagtes na aanleiding van prof. Huizinga se
Schaduwen van Morgen *)

1. Vooruitgang?

Daar kan geen sprake wees van waaragtige volkskultuur as daar nie 'n harmoniese ewewig bestaan tussen geestelike en stoflike waardes nie. As die Afrikaner ekonomies onafhanklik word, as hy baas is op sy eie erf en sy staatsinrigting so verbeter het dat oral veiligheid, welvaart, geleerdheid en vooruitgang aangetref word, dan bestaan daar nog geen volkskultuur nie. As ons die stoflike natuur beheers, dan bly daar nog oor die menslike natuur. Ons moet ons nie laat mislei deur die wonderlike vooruitgang wat ons oral rondom ons aantref nie. Vooruitgang beteken alleen beweging in 'n rigting, maar 'n mens weet nie of aan die end van die voorwaartse beweging heil of verderf op jou wag nie. Vroeër het die mense gemeen dat elke nuwe uitvindsel, elke verbetering die belofte ingehou het van meer geluk, asof die menslike natuur nou kan verander deur die feit dat ons in drie dae na Engeland vlieg. Dis

*) Van prof. Huizinga se merkwaardige boek het binne n maand na publikasie drie drukke verskyn. As dit in ons land belangstelling gewek het, dan moet dit in die stilte gebeur het, want ek het in geen enkele Afrikaanse blad 'n bespreking gesien nie. Deur die ondertitel: „Een diagnose van het geestelijk lijden van onzen tijd," word die geaardheid van die werk aangedui. Dit is 'n insiggewende ontleding van die siekteverskynsels van die Westerse kultuur wat die ernstige aandag van ons volksleiers verdien. Onderstaande gedagtes het deel uitgemaak van 'n voorsittersrede vir die kongres van die Saamwerk-Unie van Afrikaanse Kultuurverenigings en is hoofsaaklik 'n toepassing op ons toestande van 'n paar van prof. Huizinga se stellinge.

glad nie verspot om te beweer dat 'n kultuur aan 'n wonderlike vooruitgang kan te gronde gaan nie. Vooruitgang is so'n dubbelsinnige en verraderlike begrip. Dit kan maklik gebeur dat ons verder op die pad skielik by 'n ingestorte brug of 'n afgrond kom.

By elke tak van die wetenskap tref ons nog daagliks die wonderlikste vooruitgang aan. Ons word verras deur verbasingwekkende nuwe uitvindsels wat amper ons asem wegslaan. Die moderne mens leef soos 'n kind in 'n sprokie. Hy kan in 'n paar dae om die wêreld vlieg, hy kan telefonies met die verste lande praat, hy kan 'n hele wêrelddeel deur die radio in sy huis bring. Hy druk net op 'n knoppie en die lewe kom na hom toe. Sal so'n lewe hom mondig maak? Nee, glad nie! Die wêreld word sy speelgoed en daarmee maak hy soos ons van 'n kind kan verwag.

Dink byvoorbeeld wat 'n aangename spelletjie die partypolitiek in Frankryk geword het. Al om die ander maand tuimel die ministerie as gevolg van gekonkel tussen politieke leiers, en intussen kan belangrike landsake maar wag! En is ons nie op dieselfde pad nie? Wat 'n buitensporige waarde heg ons nie aan mosies van vertroue en wantroue nie! Hoeveel geesdrif word daar by ons nie verkwis op politieke skinderpraatjies nie, hoeveel gespanne aandag gewy aan oppervlakkige toesprake of die uitpluis van kwessies om tog maar net die ander party te benadeel.

In Europa is daar diktators wat deur die pers en die radio miljoene mense mobiliseer. Die hele nasie staan soos bliksoldaatjies netjies in gelid, almal met een gedagte. Dit maak indruk, dit lyk na 'n geweldige magsvertoning. Maar wat is dit anders as 'n kinderagtige spel, 'n speletjie met die groot volksmassa om die teenstander bang te maak?

2. Verwarring van Spel en Erns.

Niemand sal ontken dat sport 'n kultuurfaktor van die hoogste waarde is nie. Sport skep lewenskrag, lewensmoed, orde en harmonie. Maar deur oormatige organisasie van die sportlewe op ons skole en universiteite, deur die buitengewone betekenis wat aan sportnuus in ons pers en deur die radio toegeken word, begin dit vir baie mense die plek van geestelike voedsel in te neem. Die wêreldwye sug om op alle moontlike gebied rekords te slaan, het ontaard in 'n kinderagtige spelletjie. Dit laat 'n mens dink aan twee seuns

wat mekaar uitdaag om te sien wie die meeste piesangs kan verslind!

Die moderne mens verwar spel met erns en is besig om die skeidslyne tussen die twee heeltemal uit te wis. By die egte spel beperk 'n mens jou gedrag of jou bewegings vrywillig volgens sekere reëls. Dit is die essensiële kenmerk van kinderspeletjies, sportwedstryde en ook van die teater. Jy vergeet vir 'n rukkie die werklikheid en gee jou oor aan 'n gemeenskaplike illusie. Maar as die fluitjie vir die laaste keer blaas, dan is die spel afgeloop. Die toeskouers gaan huistoe, die sportklere word uitgetrek. Maar in ons tyd is die spel feitlik nooit afgeloop nie, en daarom is dit geen egte spel meer nie. By ernstige sake kruip die spelelement in, en deur oormatige organisasie word sport weer so ernstig opgevat dat dit sy spelkarakter verloor. Daarom gebeur dit soms by groot internasionale wedstryde dat 'n skeidsregter geen eerlike beslissing kan gee nie, omdat hy bang is vir 'n uitbarsting van die hartstogte van die massa.

Tallose mense, ontwikkeldes sowel as onontwikkeldes, staan teenoor die lewe soos 'n seun wat na die laaste fluitjie nie wil uitskei met speel nie. Hulle ken 'n oordrewe waarde toe aan bedrywighede wat, suiwer beoordeel, beuselagtig en kinderagtig is, en aan die ander kant behandel hulle waarlik gewigtige sake soos 'n speletjie. So hoor ons praat van ernstige landsake as 'n „political game." Die politicus wil miskien eerlik wees maar vind uit dat van hom verwag word „to play the game." Allerlei beginsels word opsy geskuif, want anders sal ons nie „a good sport" wees nie. So sien ons ook Afrikaners sonder enige skaamtegevoel met die eerste klokgelui op 'n Sondagmôre wegstap na die sportterrein. So sien ons dikwels hoe vooraanstaande politici met 'n teenstander speel soos 'n kat met 'n muis. Landsake! Ag kom! „It's all in the game!" Dis nie net 'n kwessie van taalgebruik nie. Ons het hier te doen met 'n diepgaande verskuiwing van morele en sielkundige aard. „Wees 'n goeie sport" en basta met al jou beginsels, sê die moderne mens. Dis die speelhouding van die penkop teenoor die ernstige dinge van die lewe, die lewensbeskouing van *Skoppensboer*:

Gewis is alles net 'n grap!
Ons speel in die komedie mee
geblinddoek met 'n lanferlap
wat selfs die son 'n skadu gee.

Wat treur ons tog?
Viool en fluit maak nog geluid;
en lank die nag wat voorlê nog!

In 'n ouer kultuurtydperk het die volk sy vermaaklikhede self geskep en het almal deelgeneem aan sang, dans, spel en atletiek. Almal het saam gesing en saam gespeel. In die moderne kultuur word daar vir ons gespeel en gesing. Tienduisende staan passief en kyk na 'n groot internasionale wedstryd. En nog tienduisende is tevrede met die dowwe eggo van die spel wat hulle deur die draadloos opvang. Waar ons vroeër in die teater die spel self aanskou het, is ons nou tevrede met die skaduwee van die spel wat die bioskoop ons aanbied. Die dramatiek word verplaas na die uiterlik sigbare. Jy hoef nie te dink nie. Leun maar lekker agteroor in jou stoel en hou jou oog net op die snel wisselende skaduwees op die doek. Die meganiese reproduksie is so volmaak dat konsentrasie amper oorbodig is. Verstrooiing van jou gedagtes is al wat beoog word. Inkeer tot die diepste in jouself is onnodig, en dit is tog juis wat elke kultuurmens so nodig het.

Ons het gesien hoe die wetenskap deur steeds nuwe ontdekkings onbeperkte moontlikhede vir die toekoms open. Ons voorvaders is telkens herinner aan die armsaligheid van hul bestaan deurdat hulle moes klaarkom sonder al die geriewe wat vir ons tans so vanselfsprekend lyk. Tot na die middel van die negentiende een moes hulle maar pyn verduur sonder verdowingsmiddele, gebreekte liggaamsdele laat afsit, koue en duisternis verdra, stadig aansukkel in primitiewe vervoermiddels oor hobbelrige paaie. Maar dieselfde wetenskap wat ons soveel tallose geriewe besorg het, is ook misbruik deur die produksie van verdelgingsmiddele. Ook op oorlogsgebied het die sogenaamde vooruitgang nuwe triomfe behaal: giftige gas, bomme uit die lug, om maar net twee te noem. So laag het ons verliederlikte geslag gesink dat in baie lande die moontlikheid van oorlogvoer deur die verspreiding van siektekieme ernstig bestudeer word deur die knapste navorsers.

3. 'n Besete Wereld.

In die ou dae het die nasies oorlog gevoer ter wille van een of ander heilige beginsel — dink maar aan die Kruistogte, die godsdiensoorloë ens. Selfs die eerste Wêreldoorlog is gevoel onder allerlei

skoonklinkende leuses, o.a. die regte van die klein state, „'n oorlog om oorlog te beëindig," ens. Tans egter word openlik erken die reg van die sterkste. 'n Duitse skrywer sê kort en bondig: „Die staat moet verower om te bestaan. Alle politiek is , , , voortsetting van die oorlog met veranderde middele. Die staat moet gedurende die wapenstilstand, wat ons vrede noem, in alles die terugkeer van die normale toestand: oorlog voor oë hou." Die oorweldiging van 'n klein staat deur 'n grote word dus louter 'n kwessie van wens en geleentheid, want selfs die strafmiddels van die Volkebond het nou nutteloos geblyk. Daar is geen staatkundige eer en ook geen vertroue nie. Die een staat staan teenoor die ander soos 'n wolf. Geen leuen, geen bedrog, geen wreedheid kan die staat as sleg aangereken word nie. Hy mag die vyand bestry met die wreedste middele — giftige gas en peskieme ingesluit. Omdat dit die ontkenning inhou van elke beginsel van waarheid, trou en geregtigheid behoort die state eintlik die Christendom openlik af te sweer. Die Groot Volkestryd het op oortuigende wyse getoon hoe ondoelmatig die moderne oorlog is, omdat dit net so noodlottig was vir die oorwinnaars as vir die oorwonnenes. Alle staatsmanswysheid was by Versailles byeen. En wat het dit tot stand gebring? Nuwe komplikasies, onoplosbare probleme, 'n nasleep van giftige haat, verwildering in die toekoms. En vandag nog lyk dit of raserny hoogty vier. Die groot en klein nasies bou met uitputting van al hul kragte 'n land-, see- en lugmag op wat oor enige jare die waarde van ou yster sal hê. Dis geen wonder dat ernstige denkers hulself begin afvra of die kultuurproses wat ons nou belewe nie eintlik 'n proses van barbarisering is nie. Alles van hoë waarde reeds deur die mensheid bereik word oorwoeker en verdring deur elemente van laer gehalte. Prof. Huizinga druk dit so uit: „Ons lewe in 'n besete wêreld. Dit sou vir niemand onverwags kom as die waansin eenklaps uitbreek in 'n raserny waaruit hierdie arme Europese mensheid agterbly in verstomping en verdwasing, die motors nog draaiende en die vlae nog wapperende, maar die gees geweke. Alom die twyfel aan die hegtheid van die maatskaplike bestel waarin ons lewe, 'n vae angs vir die naaste toekoms, gevoelens van daling en ondergang van die beskawing. Dis nie net spooksels wat ons oorval in die yl ure van die nag nie as die lewensvlam laag brand. Dis weloorwoë verwagtinge, op waarneming en oordeel gegrond. Die feite oorstelp ons. Ons sien voor ons oë hoe byna alle dinge wat eenmaal vas en heilig gelyk het, wankel

word: waarheid en menslikheid, rede en reg. Ons sien staatsvorme wat nie meer werk nie, produksiestelsels wat beswyk. Ons sien maatskaplike kragte wat dolsinnig voortwerk. Die dreunende masjien van hierdie geweldige tyd staan op die punt om vas te brand."

4. Die Weg tot Redding.

Is daar dan geen weg tot redding nie? Moet ons dit van verdere „vooruitgang" verwag? Het ons nie genoeg „vooruitgegaan" om ons ou wêreld en sy mense te bederf nie? Die vooruitgang van wetenskap en tegniek, hoe onmisbaar en verheffend ook, sal geen heil vir die kultuur bring nie. Wetenskap en tegniek is nie voldoende fondamente vir 'n kultuur nie. Ekonomiese welvaart kan saamgaan met barbaarsheid van die gees. Die verskynsels van geestelike verswakking lê so diep dat alleen 'n *inwendige louter*ing van die mensheid redding kan bring. Die gees moet verander. 'n Nuwe kultuur kan slegs gedra word deur 'n gesuiwerde mensheid. Daarvoor is uitskakeling of verhoeding van die oorlog deur internasionale politiek of die Volkebond ook nie genoeg nie. Die draers van die nuwe kultuur sal die bose drome van die verlede van hulle moet afskud, die droom van hul siel wat uit die modder opgegroei het en weer daarin wou versink. Die bose droom dat die een mens soos 'n roofdier teenoor die ander staan, met grypende kloue en ontblote slagtande. Die nuwe mens sal hom moet herinner dat die ou wysgeer Plato al die werksaamheid van die wyse beskrywe het as 'n voorbereiding tot die dood. Vir ons is die weg duidelik aangewys deur Christus, wat gesê het: „Ek is die weg, en die waarheid en die lewe." 'n Gesonde kultuur kan ons alleen opbou op 'n geestelike fondament. Wat sal dit ons help om te arbei aan die opheffing van ons volk as ons sy geestelike belange verwaarloos?

„As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter."

DIE TWEEDE VERDIEPING.

1. Twee Verdiepings.

'n Sekere skrywer (Ernest Dimnet in *What We Live By*) het gesê dat elke mens in 'n twee-verdiepinghuis lewe. Op die onderste verdieping vind plaas al daardie sake wat, soos ons maar alte goed weet, niks anders as beuselagtig of plat is nie. Op die boonste verdieping het ons glad 'n ander kyk op sake en verkeer ons in beter geselskap. Dit wil nie sê dat ons gewone arbeid, hoe nietig van aard ook al, ons in die onderste verdieping hoef vas te hou nie. Dit is moontlik om selfs by die verrigting van jou eenvoudige dagtaak gedagtes te koester wat jou meteens laat styg tot die tweede verdieping. Ons weet almal goed genoeg wanneer ons die kosbare lewensure op minderwaardige sake verkwis, maar dit sou goed wees as elkeen vir homself, sê eenmaal per week, op 'n kaart wou aanteken waar hy woon.

Jy woon op die *onderste* verdieping van jou lewenshuis as jy jou besig hou met: Bekrompe gedagtetjies of klein-persoonlike griefies, selfsugtige oorwegings, verheerliking van jou eie deugde, skinderpraatjies, nuttelose tydverdryf, luidrugtige plesiersoekery. Jy loop groot gevaar om *nooit* die trap boontoe te bestyg nie, as jy jou grootste vermaak vind in ligsinnige naweke, spektakelagtige rolprente en gedurige luister na die draadloos; of as jy so'n slaaf van jou besigheid word, dat jy nooit jou gedagtes van die daaglikse beslommernisse kan losmaak nie.

Op die *boonste* verdieping woon jy as jy geleer het om eensaamheid en stilte te waardeer, as jy die vermoë aangekweek het om so doof te wees vir die skreeuende werklikheid rondom jou dat jy wegraak in ongestoorde oorpeinsing. M.a.w. jy moet die werklikheid kan herskep, jy moet alle storende invloede daaruit weer, en deur konsentrasie 'n gewoonte aankweek wat jou onafhanklik maak van alles wat rondom jou wir-war. Uit die duisende indrukke wat jou

van alle kante bestorm, moet jy die nietige, die beuselagtige, die walglike en lelike uitsluit. Hulle is daar, maar dit is asof hulle nie daar is nie!

Op die boonste verdieping woon jy as jy jou geselskap versigtig kies, as jy behae leer skep het in goeie boeke en in goeie musiek, en nie driekwart van jou leestyd wy aan die koerant nie; as jy stelselmatig 'n studie maak van die een of ander vraagstuk, of jou eie belange opoffer vir 'n volksaak. Op die boonste verdieping woon jy as die helpmekaargesindheid jou aanspoor om 'n mede-Afrikaner uit die armoede op te hef, as jy geduldig die dwaasheid van ander kan verdra, as jy die tergery van jou vyand met 'n medelydende glimlag kan afweer, en . . . as jy in die volle besef van die arglistigheid van jou sondige hart deemoedig en berouvol jou hoof buig voor jou Skepper.

Ons sou nog baie meer kan opnoem — maar waarom? Elkeen weet tog alte goed wanneer hy sy tyd op die onderste verdieping met goedkoop plesiertjies of onwaardige praktyke verbeusel; ons kan onsself wel bedrieg en onsself met allerlei skoonklinkende redenasies probeer wysmaak dat ons 'n reg het om 'n luilekker lewe op die onderste verdieping te lei. Maar in ons beste oomblikke besef ons tog al te helder dat ware geluk onafskeidelik is van geestelike besinning. Terwyl ons besig is met die oppervlakkige plesiertjies hieronder, weet ons dat die ware geluk alleen op die boonste verdieping te vinde is.

Wat is nou eintlik die verskil tussen jouself en dié persone wat jy soms bewonder en beny? Hulle onderskei hul op drie maniere van die groot massa: Deur die vernaamheid van hul gedagtes, deur hul liefde vir die skoonheid, of hul strewe om hulself en ander op 'n hoër sedelike peil te bring. Dis die denkers, die kunstenaars en die godsdienstige leiers wat die toon aangee. En die eienskappe wat hulle groot en vernaam maak, maak hulle ook gelukkig en benybaar. Wat ook al hul uiterlike omstandighede mag wees, ons weet dat hulle innerlik gelukkig is.

2. Alleen-wees.

Dit word vertel dat 'n bejaarde boer op sy sterfbed sy seun een enkele belofte laat aflê het: Dat hy naamlik elke dag 'n halfuur *alleen* sou gaan sit in die mooi sitkamer. Die seun het die belofte trou nagekom en 'n voorbeeld geword vir die hele distrik.

Alleen-wees — dit is juis wat die moderne mens die meeste haat. Hy verlang altyd na nuwe prikkels; pas het hy die een geniet of hy begin na 'n nuwe soek. Raak sy genotsvermoë afgestomp, dan moet hy weer iets anders hê. Alles moet nuut wees, alles moet vinnig beweeg. Streel my sinne, skok my gemoed, gee my ongewone gebeurtenisse! Ek verveel my morsdood op hierdie ou dorpie, want daar gebeur mos glad niks! — so roep die moderne mens. Saans kan hy nie meer rustig in 'n hoekie met 'n goeie boek sit nie — nee, die draadloos moet gedurig om sy ore gons. As die nuwe speelding afgeslyt is, soek hy op ander maniere verstrooiing. 'n Spektakelstuk in die bioskoop gee 'n paar uur opwinding, of die luidrugtige geselskap van 'n klompie vriende help om die tyd te verdryf. Ek ken mense wat eenvoudig nie saans alleen kán tuisbly nie. Hulle móet rondjakker, en hul grootste vrees is 'n leë program sonder interessante afsprake. Altyd is hulle op jag na iets nuuts. Hulle is bang om tot hulself in te keer, omdat hul innerlike wêreld so leeg is. Stilte en rus is vir hulle 'n gruwel, want sodra hulle alleen is met hul eie gedagtes, word hulle deur 'n martelende gevoel van onrus gepynig.

Met die grootste nadruk wil ek daarop wys dat eensaamheid onmisbaar is vir wie na selfopvoeding strewe. Die oordenking van eie lewensinhoud en karakter is 'n onmisbare taak. As jy iets moois van jou lewe wil maak, moet jy hierdie taak aanpak. Dit is die werk van die mens met homself alleen. Bou vir jou 'n rondawel, of sorg dat jy minstens 'n rustige hoekie het waar jy die eensaamheid kan vind. Maar selfs te midde van die woeligste beweging kan die wyse en verstandige rus vind. Om te lewe, is om te strewe; jy jaag rond en word rondgejaag. Maar wie die innerlike rus ken en dit daagliks onderhou, leef in 'n huis der ruste. Besoek so'n verstandige. Gaan sit en moenie baie praat nie. Swyg 'n bietjie. Moenie so onrustig rondkyk nie. Sluit jou oë. Waarom woel jy so heen en weer? Kan jy dit nie uithou nie? Kan jy jou eie geselskap nie veel nie? Is daar nog te veel onrus in jou hart?

Dis ook so stil en eensaam hier. Loop maar so'n bietjie op en neer. Moenie by die raam uitkyk nie. Dis die huis van die eensaamheid. Jy word bang. 'n Gevoel van beklemming pak jou. Aan die muur sien jy 'n spieëltjie. Jy gryp dit om jouself te sien — daardie gruwelike self, daardie onuitstaanbare geselskap, wat jy altyd met skrik ontvlug. Daardie spieëltjie is net die regte ding.

Jy moet jouself sien en deursien, om jouself heen loop, na jouself kyk soos na 'n klein wêreldjie, waarin die groot wêreld woon en beweeg. En as jou verstand dan lank genoeg gekyk het van buite na binne, dan sal dit vanself binnetoe gaan en woon in die klein wêreld van jou siel om daar orde, rus en vrede te bring. Daar sal geen benoudheid van leegte en stilte meer rondom jou wees nie. Jy moet terug na die wêreld, maar wie in die huis van eensaamheid 'n rukkie gewoon het, in hom begin daar iets te sterwe. Maar daar word ook 'n nuwe lewe gebore. (Mathys Acket).

3. Selfkennis.

In die eensaamheid moet jy af en toe 'n inventaris maak van jouself. As jy by tekortkomings kom, moet jy jou nie met kinderagtige ekskusies tevrede stel nie en sê: „Ag, ek is nou maar so!" of „Die Here het my so gemaak." So'n selfondersoek moet stelselmatig aangepak word. Jy sal altoos té toegeeflik wees teenoor jou eie foute, maar met inspanning kan jy tog naby die waarheid kom. Maak aantekeninge op papier van dingetjies waardeur jou geaardheid geopenbaar word. So-iets: Vandag het ek 'n hele uur sit en babbel oor die weer en die politiek; ek het lekker saam geskinder oor my buurman; ek was skandekwaad omdat mnr. Dinges nie meer notisie van my geneem het nie; ek het darem lekker gespog met my nuwe rok, al is dit nog nie betaal nie; die mooi boek wat ek wou lees, lê nog so op my tafel, dit kos te veel inspanning om die skrywer se gedagtegang te volg, en ek het die voorkeur daaraan gegee om luilekker weg te sink in die leuningstoel van die bioskoop. Daar het ek nie nodig gehad om te dink nie. Vandag het ek kultuurfeestoe gekom om almal te laat sien hoe 'n warm Afrikaner ek is. Eintlik is ek hier omdat Sannie hier is — ons twee sal die fees privaat vier — want die sprekers praat veels te lank — lol al oor binnekant-toe kyk — ek wil mos na Sannie kyk! . . . .

As jy 'n paar weke so aanhou met aantekeninge maak, sal jy langsamerhand 'n selfportret kry. Daar woon 'n duistere persoon in die mens; hy is onsigbaar, ontasbaar, onbekend aan die mens self. Dis nie jou persoon soos ander dit met oppervlakkige blik sien nie. Dis die Self — die binneste Ek. As jy 'n portret teken van hierdie binneste Ek en dit aan die mens toon, dan sê hy: Dit lyk glad nie na my nie — dis laster, belediging. Ons is almal so oortuig van

die noodsaaklikheid van 'n deugsame lewe dat ons die ware geaardheid van hierdie binneste mens in ons nie graag wil sien nie. Hy werk in die stilte, sy vingers peuter in die ratwerk van jou gedagtes en laat daar allerhande begeertes ontstaan. As jy wil vorder op die pad van self-kultuur, dan moet jy hierdie binneste mannetjie goed beskou, want hy werk in die duister. Dis 'n moeilike werk om van smôrens vroeg tot saans laat jou eie gedagtes te ontleed, terwyl die gewone werk hier buitekant ook gedoen moet word. Altyd moet jy vra: Wat het ek daar gedink? Hoe het ek op die gedagte gekom? Wat voel ek? Wat begeer ek? Hoekom is ek kwaad of bly?

Om elke dag so in 'n mens se eie gemoed te kyk, om gedurig spioen te wees van jou eie harsingkas, daarvoor moet jy 'n dubbele lewe lei, n' driedubbele of tiendubbele lewe.

Maar jy sal ontdekkinge doen — die diepste selfkennis verwerf. Binnekant sal jy 'n kolossale bonk selfsug vind. Ek. Ek. Ek. Daar's eintlik net een woord in die ganse woordeboek. Ek wil lewe, ek wil meer wees, meer hê as ander mense. As ander meer het as ek, dan is ek ongelukkig. Ek wil al die geld en goed hê. 'n Ander het daar geen reg op nie — ek alleen. Al die ander moet vir my werk, my slawe wees. Een blik van my oog, een beweging van my vinger moet vir hulle 'n bevel wees. Ek moet geniet al die genot wat kan bestaan vir die oë, die ore, die sinne. Ek verlang die hoogste eer in alles. As iemand hom onderskei op enige gebied, dan moet ek hom verbystrewe. Wie praat van 'n opregte Afrikaner? Dis ekke! Van kultuur? Ek kan jou alles daarvan vertel. Moenie oor ander mense praat nie of hulle prys nie. Ek weet en kan alles beter doen. Ek. Ek. Ek. Alle mense is my vyande, tensy hulle my meerderwaardigheid erken en my regte op alles. So praat die duistere Ek-mannetjie in die binneste binnekamer van jou siel.

Om jouself op te voed, lyk so'n hopelose taak, nes of jy 'n lekkerige vat met honderde openinge wil toestop. Jy prop die een gaatjie toe, maar dan borrel die water weer op 'n ander plek uit. Of dis net asof jy 'n grasbrand wil blus; as jy een vlammetjie doodslaan, spring daar weer tien ander vuurtongetjies op. Maar jy moet 'n begin maak. Dit sal opstaan wees en val, 'n paar treetjies loop en weer val; nogeens opstaan, en stadig beur jy teen die opdraand uit.

Soos 'n kind is die mens in sy verstand. Hy soek geluk en berokken homself altoos ongeluk. 'n Kind het sy twee arms vol vrugte

gepluk; dan sien hy nog 'n paar wat hy wil hê; hy steek sy hande uit en laat alles val. Twee kinders sit op 'n bankie en wil nie opskuif vir mekaar nie; hulle raak aan baklei, en moeder neem die bankie weg. Huil-huil kyk hulle mekaar aan met bulte op die voorkop en blougeslaande oë. 'n Klein kindjie is 'n groot dwaas. Uit dié toestand groei 'n mens op, maar sy liggaam groei vinniger as sy verstand. Die meeste mense word nooit ouer as agtien jaar nie, volgens hul verstand beoordeel. Baie grysaards is nog pure penkoppe. Hulle is slim om hul stoflike voordeel te bereken en hulle gebruik al hul energie om eer en roem te verwerf. Maar niks skiet oor vir hul geestelike welsyn nie. As mens geld verloor, beskou hy dit as 'n ernstige saak. Maar as hy met haat rondloop wat sy hart opvreet, dan dra dit geen gewig by hom nie. Maak hy sy vinger seer, dan loop hy gou na 'n dokter; maar wie die wonde van sy siel wil genees, dié is sy vyand. Die mense wil geld hê, nie goeie raad nie. Hulle het jou baie keer lief, soos 'n winkelier sy klante liefhet. Hulle wil die spieëltjie stukkend slaan wat hulle hul eie mismaaktheid toon. Al weet ons dat ons lelik is, tog eis ons van die spieëltjie dat dit ons mooi moet vertoon. Alles wat verkeerd is, skryf ons toe aan persone en dinge buitekant ons. Wat binne in ons gebeur, bly vir ons 'n vreemde, duistere wêreld.

As daar miskien by u 'n begeerte ontstaan na selfkennis en selfkultuur, dink dan daaraan dat daar duisende en duisende ander mense op ons aardbol is wat elke dag probeer om weg te vlug van die beuselagtige, die oppervlakkige, die laag-by-die-grondse nietigheidjies. Baie ander persone, miskien met minder talente as u, het daarin geslaag om waaragtige kultuurmense te word. Hoe sterk en kragtig sou ons Afrikanervolk nie word nie, as elke Afrikaner maar net kon besef dat dit sy plig is om op te klim uit die grammadoelas van geestelike onbeduidendheid? 'n Mens kan baie beeste hê, 'n dik bankrekening en tog uitteer van geestelike armoede. Jy kan arm wees en eenvoudig, jy kan in 'n nederige pondokkie woon en tog ryk wees aan geestelike goedere.

Ons praat dikwels oor die roemryke dade van die Voortrekkers. Hulle het weggetrek uit 'n omgewing waar die verdrukker hulle wou belet om volgens hul eie aard te ontwikkel tot 'n vrye, selfstandige volk. Dis presies wat u moet doen. Daar is allerhande dinge rondom u en veral binnekant u wat u ontwikkeling tot 'n volledige kultuurmens belemmer. Retief, Sarel Celliers, Trigardt, Potgieter en

die ander Voortrekkers was nie hooggeleerde mense nie, maar doodeenvoudige, ongeletterde Boere. Maar hulle het 'n visioen gesien, hulle het die ideale gehad . . . en hulle het bo-op die Drakensberge gekom.

Hoe lyk dit met u? As u goed in u eie hart gekyk het, stel dan daarteenoor die beeld van wat u graag sou wil wees. Staan u nog aan die voet van die geestelike Drakensberg? Woon u nog op die vlak velde waar die lewe vir u niks anders lyk as 'n vervelende, troostelose uitgestrektheid van koppies en rantjies, sonder enige uitsig op die land van geestelike vryheid en blyheid nie? Vandag was u 'n paar oomblikkies bo-op die Drakensberg. Gaan u more weer afdaal om u vermaak te vind in minderwaardige geselskap? Of het daar 'n reëntjie uitgesak op u verdorde sieleakker wat die geestelike plantjie in u tot volle wasdom sal bring? U moet u eie siel vind, u moet bewus word van die Ewige in u.

Binne in my? Ja, konsentrasie na die binnekant. Ek wil dit verduidelik deur 'n voorbeeld uit die natuur. Die rigting van die natuurlewe is nie konsentrasie nie, maar verspreiding, uitbreiding. Die natuur se werk is matelose produktiwiteit, voortplanting in die onbegrensde; die natuur soek dit in vermenigvuldiging tot miljoene. Een kakiebos op jou land het die moontlikheid om hom in miljoene voort te plant. Elke boom wil so groot en breed word as wat hy kan, sy takke so ver moontlik uitsprei, sy wortels uitstoot om al die vogtigheidjies in die omtrek op te suig.

So ook wil die mens in sy sinnelikheid hom *uitlewe* en niks anders nie; hy wil reg hê op die uitoefening van al sy luste, al sy talente in werking stel, soveel moontlik terrein verower. Hy wil alles proef wat smaaklik is, ruik wat geurig is, tas wat weelde is, hoor wat welluidend is en sien wat aanloklik is. Hy volg die heerskappy van sy sinne. Die vier hoofeienskappe van sinnelikheid; genotsug, hebsug, heerssug, eersug, lê in hierdie rigting. Die sinnelike mens jaag sy lot na, *buite homself*, hy streef na alle kante en bewerk so sy eie vernietiging.

4. Op Soek na Geluk.

Daar was eenmaal 'n man wat die geluk nageloop het; maar die geluk het vinniger geloop as hy. Toe gaan hy sit en die geluk het nou ook stilgestaan. Toe hy nou bly sit het, het die geluk soetjies

nader by hom gekom. Eindelik het dit bly staan. Hy het gewag om te sien of dit nie nog nader sou kom nie, want dit was nog te ver weg na sy sin; maar die geluk het bly staan. Toe staan die man op en hardloop weer na die geluk; maar die geluk het hom nog 'n slag skoon uitgehardloop.

„Ag," sê die man, „ek gaan nou sit en bly sit." Hy doen dit en die geluk nader weer tot op die ou afstand. Daarvandaan het dit hom vriendelik toegelag.

Met die vriendelike glimlag was die man nou tevrede want hy het 'n verstandige geword. Wie die geluk naloop en buitekant homself soek, jaag dit weg. Maar wie in stilte waaksaam gaan sit en wag, tot dié persoon sal die geluk stilletjies nader, en so nabykom as wat by sy natuur pas. (M. Acket.)

5. Kennis van die Dood.

Gedurende die Franse Rewolusie, toe duisende mense hul lewens onder die valbyl verloor het, was daar 'n gevangenis vol veroordeeldes. Elke dag is 'n paar weggelei wat nooit teruggekom het nie. Hulle was verlos van hul angs en het die rus ingegaan.

Onder die gevangenes was daar een stil en rustige beskouer. Hy het diegene wat opgeroep is, nie beklaag nie, want hy het geweet dat sy beurt elke dag kon kom. Hy het hom verwonder oor die blindheid van die ander. Hulle het almal stilletjies gehoop dat hulle vergeet sou word of nog genade sou kry.

Ondertussen was daar allerhande rusietjies. Daar was wedywer, hoogmoed op rang en talent en kennis. En ook die liefde het nog sy spel gespeel met die gevangenes.

„Wonderlik, wonderlik," dink die wyse beskouer. „So vlak by die einde, en tog sien hulle nie die einde nie."

Elke dag verwonder hy hom weer oor hul blindheid. „Maar," dink hy dan, „dié blindheid het hulle nodig." En met goedkeuring kyk hy na 'n waardige ou tante wat vlytig aan 'n handwerkie voortwerk, wat sy in geen maande kon klaarmaak nie.

Almal het hom bewonder oor sy beslistheid en gelykmoedigheid. Hy het 'n trooswoord vir elkeen gehad; vir iedereen het hy opsy gestaan. Hy het niemand se aandag probeer trek en oor niks gespog nie. Snags het hy rustig geslaap. Hy wou tog so graag onder die skare verdwyn, maar almal het hom raakgesien.

Hy het 'n skat in sy hart gebêre. Dit was die blik op die groot rus wat sou volg. Sy vader was al opgeroep en sy vrou, en sy vriend. „Goddank," het hy gedink. „Hulle geniet al die rus." En hyself het die rus van die dood al in sy hart gedra.

Daar was ook 'n geleerde in die gevangenis. Dié het baie geleerde boeke van al die wysgere gelees en homself dan ook as 'n groot filosoof beskou. Op 'n goeie dag het hy by die stille beskouer kom sit.

„Jy's ook 'n wysgeer?" vra die geleerde.

„Ek?" antwoord die ander.

„Ja; jy's dan so rustig. Jy't seker baie boeke gelees?"

„Wel, so'n paar."

„Jy het seker Plato bestudeer?"

„Nee."

„Nie? En wat van Seneca of . . . of . . ."

„O nee, ek is nie so geleerd nie."

„Wel, wel! Ek het gedink dat jy 'n filosoof is."

„Ek? Maar ek het darem tog 'n besondere kennis."

„So?" sê die geleerde, „van watter skrywers?"

„Ek ken byvoorbeeld die Dood. Ek weet dat more of oormore al jou kennis vernietig sal word, en ook myne."

Die geleerde huiwer.

„Ek was aan 'n boek besig," sê hy, „'n buitengewone boek oor die Vrede van die Gemoed. Daarvoor het ek die hele wêreld se filosowe bestudeer. En nou sal dit onvoltooid bly lê."

„Ja, nes die handwerk van daardie ou tante. Maar dis niks. Daar sal seker 'n ander kom om dit te skrywe en miskien nog beter as jy."

„Dis juis die ergste," sê die geleerde vererg. „Maar miskien word ek nog vergeet. Miskien roep hulle my nie op nie."

„Niemand word vergeet nie. Jy sekerlik nie. So'n beroemde man val te veel in die oog."

„Ellendige, jy terg my!"

„Terg? Ek onderwys jou in die kennis van die dood. Dis nou juis my geleerdheid. Dit sal saam met my in die dood verdwyn, nes joue. Maar jou kennis sit in jou kop en in jou boekekas, myne in my hart. Jou kennis sal jou begewe as jy die skavot bestyg. Myne sal my vergesél totdat my kop ondertoe val . . . ."

Op daardie oomblik het die swaar deur van die gevangenis oopgegaan en hulle word altwee geroep.

Die geleerde gryp die hand van die filosoof. Hy voel dat daar rus en vrede van hom uitgaan. Met liefde kyk hy hom aan gedurende die paar treetjies wat hulle nog saam kon loop. En toe hy moes kniel op die skavot, dink hy aan die filosoof. Dit was sy laaste troos . . . .

6. In die Wagkamer.

Ons leef almal in so'n wagkamer en is almal veroordeel. Ons vul ons wagtyd met handwerkies, rusietjies, met verliefderigheidjies, plesiertjies, en met wedywer. Die liefde speel sy spel met ons, ons trou, ons swoeg en sweet vir ons kinders. Ons is vol planne. Daar klink opeens ons naam. Huiwerig staan jy stil en gedwee verlaat jy die wagkamer. Die ander word stil en druk teen mekaar vas soos 'n klompie skape by 'n donderstorm. Maar pas is die deur agter jou toe of hulle haal 'n slag diep asem en versprei hulle weer om tydverdryf te soek en die Onweerstaanbare Stem te vergeet wat more wéér iemand sal oproep. Hulle leef nog net na die buitekant. Hulle het net een doel: om weg te loop van hulself, afleiding van hulself te soek, verstrooiing uit hulself, om hul eie lastige geselskap kwyt te raak in die groot wêreld wat rondom hulle wir-war. Maar op hul sterfbed vind hulle hulself terug: Daardie verlore gegane persoon wat verdwyn het onder al die geswoeg, onder al die gejaag. In die haastige lewe het hulle alle aanraking met die Ewige verloor nes 'n klein kindjie wat sy moeder se hand verloor het in die gedrang van 'n groot magdom mense.

Ou vriend, het jy nie miskien die stem van die Ewigheid in jou probeer smoor deur die gewoel en gejaag nie? Kan jy dan nie die ewigheidsklok hoor lui nie?

W. P.—17491

MONUMENT-REEKS

No. 14

UITGEWERS J. L. VAN SCHAIK, BPK. PRETORIA